

VERSIES GROOTMAAK

THIS BOOK WAS PRODUCED USING
PRESSBOOKS.COM

THIS BOOK WAS PRODUCED USING
PRESSBOOKS.COM

VERSIES GROOTMAAK

Versindaba blogs 2009-2010

ILSE VAN STADEN

COLOUR AND QUILL
Queensland, Australia

Versies grootmaak Copyright © 2015 by Ilse van Staden.

This book was produced using PressBooks.com, and PDF rendering was done by PrinceXML.

THIS BOOK WAS PRODUCED USING
PRESSBOOKS.COM

THIS BOOK WAS PRODUCED USING
PRESSBOOKS.COM

Contents

Vooraf	I
1. 'n Gedig is soos 'n dweil	3
2. Wat doen jy?	5
3. Poësie-dief	8
4. Engel in die visdam	9
5. Nie alles wat poësie is	11
6. Te klip	12
7. Vloermoer	13
8. Blomme van verskillende tale	14
9. Die reg om te bestaan	18
10. Poetry Crawl	20
11. Die slegte ding van goeie goed	21
12. Om met 'n dowe oor te luister	22
13. Die sterwende lig	23
14. In memoriam Marcella	25
15. Blou	28
16. Poesie op die net	31
17. Dis al	32
18. Skryfkuns se ander familie	33
19. Drenteling	35
20. Bokser in 'n boks	37
21. Wêreldvreemd	38

22.	Ons skiet gedigters	39
23.	Tuisbevalling	40
24.	Woorde en andere	41
25.	Verwoesting	42
26.	Grond soos woorde	44
27.	Lig wat lig is	45
28.	Van kleitrap, voete van klei en kleihuisies	47
29.	Op pad na 'n nuwe maan	49
30.	Dáárdie klip, herbesoek	50
31.	Krismisblues	52
32.	Die Lig wat reeds gekom het	53
33.	Mentorskap	54
34.	Woordgebore	56
35.	Om te muis	58
36.	Vriende en katte	59
37.	Ingeprent op woorde	61
38.	Goudvisgedigte of goue visgedigte	62
39.	Versigtig met die liefde	65
40.	Engels, Engels, alles Engels	69
41.	Weer die gesing	70
42.	Herfs, alweer	72
43.	Vrede op twee wiele	73
44.	Singende skilderye	76
45.	Poëtiese Beseringskunde 101	77
46.	Die koperkapel	79
47.	Kladboek: verdigte werklikheid	82
48.	Die nagevolge van swak kuns	85
49.	Uit die kop, uit die hart	87

50.	Verlore gunsteling	88
51.	Blog goebai	89

Vanaf Mei 2009 tot Mei 2010 het ek op 'n weeklikse basis geblog vir die Versindaba webwerf <http://versindaba.co.za/>. Ek het destyds in my kleihuis op Cullinan gewoon.

Intussen het daar baie water in die see geloop. My ma is oorlede, ek is getroud en in 2012 het ons na Australië verhuis. Baie van wat ek geskryf het, is tyd- en plekgebonde, maar maak nietemin nog sin. Hier is al die blogs nou saamgevat in een bundel, vratte en al.

Ilse van Staden

Queensland, Mei 2015

THIS BOOK WAS PRODUCED USING
PRESSBOOKS.COM

Easily turn your manuscript into

EPUB *Nook, Kobo, and iBooks*

Mobi *Kindle*

PDF *Print-on-demand and digital
distribution*



PRESSBOOKS.COM
Simple Book Production

'n Gedig is soos 'n dweil

Na meer as 'n week se voetesleep en wegkyk en verskonings uitdink, kom ek uiteindelik so ver om die huis skoon te maak. Dis 'n groot huis, 'n stowwerige, spinnerakkerige huis en dit neem my altyd 'n rukkie om moed bymekaar te skraap om te begin. Wanneer ek nie vir geld moet werk nie, is my afdae bedoel vir skryf. Kosbaar. Nie maklik afgegee nie, ten spyte van die sand onder my voete en die stoflaag op die glase.

Dus is dit afstof en uitvee en opvee en ek sien die verestowwer los ook al 'n veer agter in elke hoek. Seker dié tyd van die jaar. Seisoensverandering. Dis toe ek die mop nadertrek en dit word halfpad deur die proses al bles, dat ek weer begin wonder oor kwaliteit. (Ek hou meer van die woord “dweil”, dit klink so nat en drupperig, amper soos “dweep”, maar die HAT sê dis 'n lap en geen poëtiese vryheid gaan dit draderige tossels gee nie).

Nietemin, kwaliteit. Die verskil tussen iets wat goed werk en iets wat jou om elke hoek en draai frustreer met die oneffektiwiteit daarvan. Dit was nogal 'n oomblik van verligting (“enlightenment”) toe ek die dag besef dat daar selfs by klein, eenvoudige dinge sprake kan wees van kwaliteit. Dat daar iets bestaan soos 'n swak vuurhoutjie. Of 'n slegte wasgoedpennetjie. Dat knope of sleutels van swak gehalte kan wees. Of verestowwers of dweile. Of gedigte, natuurlik.

'n Gedig is soos 'n dweil, 'n mop. Dit moet die stof van jou brein kan afvee, ín die windings in, úit die kronkels uit. Daarvoor het dit substans nodig, massa, soos 'n mop met genoeg Rasta-lokke om al die hoekies en holtes van 'n ongelyke vloer by te kom. Dit moet verheldering bring sonder om nuwe dowwe strepe te laat. En sonder om uit te rafel of bles te raak.

Of dalk is 'n gedig soos 'n vuurhoutjie. Dit moet kan ontvlam. Wanneer jy dit teen die aangewese oppervlakte raps (gebergte, gesteente, gebeente) moet dit genoeg plofpoeier hê vir 'n vonk. Mens moet kan sê aha! hier brand daar iets, van hier af kan ons groot vure aansteek, 'n hele stad verlig. En dit moenie middeldeurbreek op 'n dunte of binne 'n sekonde uitdoof nie. Vuurhoutjies moet woema hê.

'n Gedig is soos 'n wasgoedpennetjie. Knyp moet dit kan knyp. Jy moet iets daaraan kan ophang – jou lewensfilosofie, jou intellek, jou humorsin, jou hart. Daarvoor moet die houtjies sterk wees en die veertjie vas. As die dele nie heg genoeg is nie, sodat dit in jou hande uitmekaarval, is dit nie 'n goeie wasgoedpennetjie nie, nog minder 'n goeie gedig.

Dalk is 'n gedig ook soos 'n duimspeld, 'n druiwekorrel, 'n baksteen, 'n sleutel, 'n skoen... Mens kan 'n heelal bou met al die moontlikhede, 'n verhandeling daarvoor skryf. Maar o magtig, 'n duimspeld/druiwekorrel/baksteen moet kan doen wat dit moet doen. 'n Boom moet kan boom. En 'n dweil moet kan dweil.

2

Wat doen jy?

Staan langs enige vreemdeling langs die braaivleisvuur (of die opwasbak, as jy dan wil) en dis onvermydelik dat een van julle op 'n stadium sal vra: Nou, sê my, wat doen jy? Dit help nie jy hou jou dom nie. “Ek is besig om die wors gaar te kry/die borde te was”, is nie die regte antwoord nie. Dit mag egter bietjie tyd wen, net daardie ekstra oomblik om te besluit wat jy gaan antwoord – die waarheid, die hele waarheid of niks anders as die waarheid nie?

Ek lees in 'n Deon Meyer-boek dat die held, 'n oud-polisieman, dikwels in die versoeking is om 'n gekoller en getaaide buurman aan etenstafel te verras met 'n lieg storie, soos “Ek is 'n treindrywer/vragmotorbestuurder/blokman” of wat ook al. Dit haal gewoonlik die wind uit enige matig snobistiese ondervraer se seile. Ek was ook al lus om so bietjie by te jok of weg te lieg. Die maklikste is om net te erken dat ek 'n veearts is. Mens is dan verseker van die verwagte dosis respek, verwondering, belangstelling en ten minste tien staaltjies oor wie se hond of kat (of stoetbul) nou weer wat oorgekom het. Genoeg om die gesprek aan die gang te hou totdat die vleis gaar is of die skottelgoed skoon.

Ek is 'n skrywer? Ek glo nie. Breytenbach ja, Wilma Stockenström, T.T. Cloete, Antjie Krog, noem maar op – mense wat al wortel geskiet het in die taal. In elk geval, Robert Graves het reg gehad toe hy oor digters gesê het: *To be a poet is a condition rather than a profession*. “Digter” pas in iewers tussen “diabeet” en “doedelsakspeler”. Dis nie iets wat jy doen nie en veral nie iets waarvoor jy in goeie geselskap gaan praat nie. Los dit liever by die huis saam met jou kinders se sportprestasies en jou buikoperasies.

Met die herlees van Robert M. Pirsig se *Zen and the Art of Motorcycle Maintenance* (ek verstaan nou net so min daarvan as twintig jaar gelede) kry ek toe die ideale oplossing. As teenvoeter vir die normale ja-nee logika waarop die meeste vrae gebaseer is en waarmee rekenaars ook werk, is daar die Japannese term *mu*. Dit beteken “geen ding nie” – nie ja of nee nie, nie waar of vals nie, sommer net *mu*. Pirsig verduidelik dit so:

'Unask the question' is what it says. Mu becomes appropriate when the context of the question becomes too small for the truth of the answer.

Wanneer die konteks van die vraag (Wat doen jy?) te klein is vir die waarheid van die antwoord, dan mag mens maar antwoord: mu. Dis soos 'n klein vloekwoordjie wat jy uit jou mou laat val. Praat van wind uit die seile. Net jammer jy word dalk aangesien vir 'n beesboer.

Ten slotte, het ek nog altyd vir Seamus Heany beny en bewonder vir sy wonderlike gedig oor 'n koei (uit *Wintering Out*, 1972, toevallig die jaar van die uwe se geboorte, wat dit ook al oor digters en koeie mag sê). As ek dít eendag kan nadoen, kan julle my maar 'n digter noem.

First Calf

It's a long time since I saw

The afterbirth strung on the hedge

As if the wind smarted

And streamed bloodshot tears.

Somewhere about the cow stands

With her head almost outweighing

Her tense sloped neck,

The calf hard at her udder.

The shallow bowls of her eyes

Tilt membrane and fluid.

The warm plaque of her snout gathers

A growth round moist nostrils.

Her hide stays warm in the wind.

Her wide eyes read nothing.

The semaphores of hurt

Swaddle and flap on a bush.

3

Poësie-dief

Vergange Sondag lewer ek my kort openingstoespraak by 'n kunsuitstalling. Wonderlike skilderye deur Marcella de Boom, andersins bekend as my ma.

As ek nie ten tyde van die uitstalling heeltemal by my sinne was nie, is dit omdat die skilderye my so oorweldig het. Sowat van metafore en ander wêreldes dat mens vir 'n jaar nog kan besin daaroor. Met die intrapslag bevestig 'n ander digter my gevoel. "Hier kan mens 'n paar gedigte afskryf", is sy mening. Inderdaad. En nie net uit die prentjies nie.

Ek is al lankal vies vir die Spaanse kunstenaar Miró dat hy, benewens sy heerlik surrealistiese skilderye, ook sulke fantastiese titels daaraan kon heg. 'n Druppel dou ontwaak vir Rosalie. Vrou en voël in die maanlig. Persoon met drie bene. 'n Hond blaf vir die maan. Hy betree mos nou op 'n digter se gebied! Dan mag mens hom mos besteel.

Oor "diefstal" van hierdie aard het ek ook al lankal nie meer skuldgevoelens nie. Is dit dan nie intertekstualiteit nie? Met 'n beeldende kunstenaar nie 'n halfmyl te voet van my af nie, gereeld beskikbaar vir 'n koppie tee of 'n glasië wyn, hoe kan dit ook anders dat mens mekaar kruis en dwars inspireer. By beelde (*images*) en idees bly dit ook nie. As sy sulke mooi titels uitdink vir haar skilderye, dan dief ek dit op die daad. Die dood is 'n mooi blou blom? Hou hierdie spasie dop...

NS: Vir nog prentjies, gaan loer by www.marcelladeboom.zenfolio.com

4

Engel in die visdam

Ek dog ek 's nou klaar met engele, veral dié soort wat geneig is om nat te word. Gaan soek hulle maar in *Waterverlk*, daar is 'n handvol. Maar toe gaan val die negevoet engel in die visdam.

Dis 'n vreemde storie.

'n Vriendin vertel dat sy as student by haar broer gaan kuier waar hy in 'n kommune saam met ander studente bly. Telkens klap daar 'n deur iewers toe of val iets om in 'n ander vertrek. Die mans is nonchalant: "Ag, dis net ons negevoet engel." En in haar kop kom die beeld op van 'n engel wat met nege voete in die gang af sluip... G'n wonder hy stamp dinge om en laat deure toeklap nie. Eers jare later sou sy besef dat 'n negevoet engel maar effens soos 'n sesvoet man lyk – lank.

Die storie kom toe by 'n skilder uit en sy maak die prentjie 'n realiteit. En daar staan die negevoet engel met al nege sy voete op die aarde, elkeen op pad in 'n ander rigting. Dis ook nie lank nie of daar is 'n uitstalling en die engel maak sy buiging. Omdat die skilderye te veel is vir die galery en die weer lekker, kry 'n aantal skilderye hulle staan op esels in die tuin. 'n Negevoet engel op 'n esel – verbeel jou dit.

Die engel se esel staan langs die visdam. 'n Idilliese toneeltjie van lopende water en waterlelies en goudvissies en helder akriliese kleure, so amper asof mens in die hemel is. Maar toe kom die wind...

'n Negevoet engel op 'n esel in die visdam? Niemand gaan my ooit weer glo nie!

NS:

daar's 'n engel in die visdam

by my ma se agterdeur

daar's 'n gaatjie in sy toga

en 'n goudvis loer daardeur

5

Nie alles wat poësie is

Daar moet 'n groot virtuele begraafplaas wees vir vermoorde woorde. Daardie arme slagoffers van die *kill-your-darlings* beleid wat sonder grafskrif tot stof terugkeer. Nie dat ek dit teenstaan nie, ek dink dis 'n baie goeie beleid. Wat jy as dierbare kwekelinge ag, sit dalk met 'n lekkende hart of 'n gesplete verhemelte wat jy verseg om raak te sien. Maar o dis so moeilik! Vra nou maar vir iemand wat swaarkry om die wortelsaailinge uit te dun of die bome om verskoning vra wanneer sy 'n takkie moet snoei. Iemand wat al inderdaad daardie lekhart of oop verhemelte hondehemel toe moes stuur. Elke mank reël of verminkte rym is vir my hartseer. As hulle maar eerder nie gebore was nie.

Daar is egter iets wat my meer tragies stem – dat die briljante reëls, die uitsonderlike frases, dikwels die digter se vangnet vryspring. Hulle is soos wilde perde wat in die nag aangekom het, onder 'n donkermaan of 'n spesiale saamval van planete, en vir hulle kry jy nie in 'n kraal nie. En al sou jy hulle kon omsingel en verdoof, wil geen regdenkende sin met hulle geassosieer word nie. 'n Ruimte val rondom hulle oop en as jy weer sien, staan daardie blink een op sy eie, uitdagend. Selfs met mekaar het hulle geen verwantskap nie.

Nie alles wat poësie is, wil gedigte word nie.

In hierdie tyd waar die literatuur skynbaar voortdurend om vernuwing vra, sal iemand dalk nog 'n bundel van een-reël gedigte bedink. So 'n woordelys van wilde frases. (Daar's nou 'n aweregse frase opsigself). Maar tot tyd en wyl dit gebeur, moet mens hulle maar hul vryheid gun.

Nou sit ek soos 'n wafferse cowboy soms op die kraalheining en uittuur na die wilde woorde wat teen die horison draf en droom van 'n kudde wat die wêreld sal verstom. Is daar iewers 'n vreemdeling wat vir woorde soos vir perde kan fluister?

6

Te klip

Een van my geliefde gedigte is Opperman se “Te klip om te boom”, maar ek wonder nou weer of hy reg is om te beweer “klip teel swaar”. Hy het net nog nooit in my groentetuin gespit nie. Vier jaar nadat ek my lappie grond afgekamp en begin bewerk het, spit ek steeds met elke nuwe bedding ’n emmer vol klippe uit. Die goed teel aan erger as konyne! Vir elke tien boontjiepitte wat ek saai, kom daar vyf klippe op. (As dit maar diamante was – nou die dag is ’n blou diamant uit die Cullinamyn vir £75 miljoen verkoop.) Dis asof die aarde die klippe aanhou opstoot van iewers uit haar sidderende buik. Omdat dit haar aard is.

En die digter? Miskien is die klippe gedigte wat sal opstoot, solank mens maar aanhou spit. Miskien is dit temas wat hulself weer en weer aanmeld, al voel mens jy het dit nou al leeg geskryf. Dalk dra mens maar vrugte na jou aard – bone, geelwortels, klippe, diamante – nieteenstaande die hoeveelheid kompos en kunsmis wat jy inwerk. En as gedigte klippe is, dan wéét ek – dié goed teel bitter swaar. Hier op my erf is hulle so skaars soos blou diamante.

7

Vloermoer

Na jare se binnensmondse vloekery oor my huis se vloer, kry ek nou die dag uiteindelik berusting. Want, besef ek, dit is soos 'n gedig. Nie die vloeke nie, die vloer.

Sien, my huis se grondvloer is 'n grond-vloer. En om redes waarvan ek al dikwels daarna die geldigheid betwyfel het, moes dit op een slag in een dag gegooi word. Vyftig-plus vierkante meter. Ons was 'n span van vyf wat die klei getrap en aangery het, maar die platsmeerdery het ons gelos vir die moeder. Omdat sy dit al voorheen gedoen het. Ek moes geweet het...

Want nadat ek die vorige dag op my knieë deurgebring het met spykers en boulyn en waterpas om die grondwerk te doen, laat ek toe die gelykmakery aan 'n kunstenaar oor. Sit daarby die druk om alles in een groot gebaar te voltooi en jy gaan nooit as te nimmer 'n oppervlak kry waarop iets met meer as twee pote sommer enige plek gelyk kan staan nie.

As 'n stoel dus rondgeskuif is totdat dit viervoet stewig sonder wankeling staan, dan weet jy dis die regte plek daarvoor. As die tafel net in een posisie in die middel van die vertrek sy reguitstaan kan staan, dan weet jy dis die regte plek. Soos woorde in 'n gedig. Ek onthou nog 'n studente-onderwyser op hoërskool wat ons vertel het: Prosa is 'n goeie woord op 'n goeie plek. Poësie is die perfekte woord op die perfekte plek. Rondgeskuif tot dit presies pas.

Of dit heeltemal waar is, kan ek nie sê nie, maar dis vir my 'n troos. Want nou bewoon ek my huis soos 'n gedig. Net jammer ek kan die taal nie verstaan nie.

Blomme van verskillende tale

Mense se lewens bly fassinerend. Selfs die onopvallendes het meestal 'n vreemde storie te vertel. As dit by kunstenaars kom, is daar dikwels nog meer intriges. Neem nou maar 'n paartjie soos Ted Hughes en Sylvia Plath. Ek het onlangs 'n biografie oor hul huwelik geles (*Her husband* deur Dianne Middlebrook) en genugtig, wat 'n sepie! Met 'n versamelbundel van Hughes onder die arm en 'n leë idee-spens, dog ek toe ek waag my hand aan 'n vrye vertaling van een van sy minder mitologies-verstrikte gedigte:

To Paint a Water Lily

A green level of lily leaves

Roofs the pond's chamber and paves

The flies' furious arena: study

These, the two minds of this lady.

First observe the air's dragonfly

That eats meat, that bullets by

Or stands in space to take aim;

Others as dangerous comb the hum

Under the trees. There are battle-shouts

And death-cries everywhere hereabouts

But inaudible, so the eyes praise

To see the colours of these flies

Rainbow their arcs, spark, or settle

Cooling like beads of molten metal

Through the spectrum. Think what worse

Is the pond-bed's matter of course;

Prehistoric bedragonned times

Crawl that darkness with Latin names,

Have evolved no improvements there,

Jaws for heads, the set stare,

Ignorant of age as of hour –

Now paint the long-necked lily-flower

Which, deep in both worlds, can be still

As a painting, trembling hardly at all

Though the dragonfly alight,

Whatever horror nudge her root.

(uit *Lupercal*)

En in Afrikaans:

om 'n waterblom

groen groei sy uit die wateroppervlak

wat die poel se duisternis oordak

vir vliedendes 'n veggebied bereken

om dié lelieblom te teken:

sien eers die naaldevlieg in vlug

koeëls gekoker deur die lug

of flikkerhuiwer bo die ruigte

van geil onderbos en struike

oorlogsgeraas en doodskrete

weergalm onhoorbaar uit die diskrete

flikflooï van insekgewere

naaldekokers se reënboogkleure

vonke, boë, skitterende dood

wat stol soos druppels gesmelte lood

metaalagtig, dartel en flonker

maar onder, in die bodemdonker

lê dreigend prehistoriese drake

grieselig met koppe soos kake

onbewus van tyd of uur

Latynse gedrogte se duister gluur

wat iewers uit die voortyd kom

skryf nou die langnek lelieblom

in dubbelbeeld van lug en water versink

stilschildery wat sonder dink

skaars tril tussen alles wat om haar roer

of sinister en troebel deur haar wortels loer.

Die reg om te bestaan

Wanneer ek hoor van ander mense wat so produktief, ek wil amper sê proliferatief, skryf, kry ek angsaanvalle. Op my werf gaan dit allermins so. Nou moet ek bysê, dis meestal prosaskrywers wat skynbaar vieruur opstaan en voor die rekenaar inskuif, of deure en ore gesluit hou teen kind en kraai tot watter tyd van die namiddag. Van digters weet ek min.

Gelukkig kry mens aanhalings soos dié van die Nobelpryswenner Imre Kertesz: “If you recorded a day in the life of a writer, you would be disappointed. He makes coffee, he looks out the window, he does everything but write. Yet despite these everyday failures, something still comes out of it.” Dit lyk asof ’n groot deel van ’n skrywer se werk op ’n onsigbare vlak gebeur – terwyl hy/sy besig is om koffie te drink, blomme nat te lei, motor te ry – eerder as op die stoel by die lessenaar. Ek verbeel my Chris Barnard het gesê dat baie van sy stories gebore word terwyl hy in die veld loop, maar dat dit nie beteken mens kan daai stoelsittery vermy nie. Die muse fluister wel in die eter in, maar haar landlyn is daar waar jy met pen en papier (of dan skerm en sleutelbord) sit.

Om my regverdiging van omgedroomde oggende te versterk, vind ek toe dié gedig van Elisabeth Eybers (uit *Noodluik*, 1989), wat ek summier in my studio opgeplak het:

Vademekum

Verse versin mag nooit alte tydrawend wees.

Die maaksels wat jy as noodsaaklik beskou moet ontstaan

danksy of ondanks en met snode verwaarlosing van

die handeling wat jou die reg skenk om te bestaan.

Reken meer eer aan die letter dan aan die gees.

Rym is bedenklik. En – nog ’n dringende wenk –

veronagsaam veral wat andere daarvan dink.

Daardie reg om te bestaan (as skrywer of as mens?) mag dus maar met “snode verwaarlosing” gepaard gaan. Soos kinders grootmaak, sou ek reken. My ma was nog altyd ’n groot aanhanger van gesonde verwaarlosing wanneer dit my die opvoedingsproses kom en ek moet sê, ek was haar nog altyd dankbaar daarvoor. As ’n skryfstuk, of meer, ’n impuls of talent, so bietjie verwaarlosing kan oorleef, dan verdien dit sekerlik om te bestaan. As die muse te afgeskeep voel, sal sy wel aan jou deur kom klop of aan jou skeen kom skop. Of hoe?

10

Poetry Crawl

As ek reg onthou, was dit Saterdag 1 Desember 2000. Die aand van ons eerste Poetry Crawl. Somer en wyn en rondsletter van huis na huis, waar ons telkens gedigte lees. Die stand van die hemelliggame op daardie eerste aand kan ek nie onthou nie, maar sedertdien het dit tradisie geword om dit so na as moontlik aan volmaan te hou. Omdat mens dan in die maanlig kan stap. 'n Groep filosoferende woordliefhebbers halfdronk aan poësie en OBS sal sekerlik nie 'n maklike teiken wees vir enige aspirerende krimineel nie.

Laas week was dit weer volmaan en, as gevolg van 'n handvol troues en uitstallings en die sonnewending, reeds vyf maande sedert ons vorige Crawl. Kom Saterdag was dit dus weer hoogtyd. Om een van ons getroue "lede" tegemoet te kom, 'n Ingelsvrou uit die Orkney-eilande wat altyd geduldig saamluister na die Afrikaanse gedigte sonder om veel te verstaan, was die tema dié keer Engelse gedigte.

Gooi nou só 'n spul saam voor die kaggelvuur: Shakespeare, Blake, Ted Hughes, Sylvia Plath, T.S. Elliot, Seamus Heaney, Robert Frost, Wilfred Owen en andere, en jy kry nie net wonderlike poësie nie, maar driftige geselskap. Elke gedig het kommentaar ontlok óf oor die woorde self óf oor die digter daaragter. Wat my weer eens laat besef het hoe een enkele gedig die kruispad na 'n duisend wêrelde kan wees.

Of jy dus loop of draf of slenter of kruip, doe so voort die wêrelde in. Daar voor wag woorde.

Die slegte ding van goeie goed

Elders het ek al beken dat ek wyn “proe” soos ek boeke proe – heel eerste aan die prentjie voorop en dié lyk my is deesdae maar skaars op die bottels. Nietemin, aanvaar dus dat ek geen kunsies ken van boeket en palet en aroma nie en dat enige hieropvolgende analogie dalk nie honderd present korrek gaan wees nie. Maar daardie woorde wil ek steel – boeket, palet – want dit lyk my of wynproewers en fynproewers dalk sal verstaan.

Dit moes by die bruilof van Kana gewees het dat dinge verander het, dat iemand skielik besef het – bère die beste vir laaste. As jy die gewone wyn met verdrag gedrink het, sodat jy teen tjailatyd nog sinvol ’n sluk of twee in jou mond kan rondrol, dan gaan jou sinne juig oor die beter wyn. As jy egter heelaand aan ambrosia geteug het, gaan geen bokswyn jou palet daarna bevredig nie, geen boeket die geure van jou eerste ruiker ewenaar nie.

Dis die slegte ding van goeie goed – jou palet is vir ewig daarna bederf. As jy eers op twintig matrasse geslaap het, gaan die ertjie jou elke keer pla. Met kuns werk dit ook so.

Ek onthou hoedat ek in die Staatsteater na ’n opvoering gaan kyk het saam met ’n vriendin wat self balletdanser was. Wat vir my pure skoonheid en ekstase was, was vir haar agonie, want oral kon sy raaksien dat dié of daardie uit pas, uit ewewig of onperfek was. Iemand anders vertel hoe vaal en verdrietig kuns meteens kan lyk na aanskoue van ’n paar meesterwerke.

Wees dus gewaarsku oor wat jy lees. Met elke trappie nader aan literêre nirvana word die terugblik dowwer. Teug versigtig en in klein inkremente aan hemelse poësie. En as jy self die waagmoed het vir ’n woord of twee, wag ’n bietjie, doen dit later, want na die goeie goed proe jou eie meestal maar na brak water.

Glo my, die babelas ná die kennis van goed en kwaad is ’n hoofpyn wat net die heldhaftiges of domastrantes oorleef.

Om met 'n dowe oor te luister

Ek het 'n vraag aan die bedrywers van linguistiek en die plegers van musiek: Sou mens 'n taal aan sy toon en ritme kon herken, al “hoor” jy geen woorde nie?

Want sien, staan nou net 'n effe buite hoorafstand van 'n gesprek tussen mense van wie jy g'n niks weet nie. Ek bedoel nou só dat jy die gesprek kan hoor, maar nie die woorde kan onderskei nie. Ook sommer buite sig, sodat kleur of geur of gelaatstrekke nie die eksperiment beduiwel nie. Raai nou watter taal hulle praat.

Tensy dit Indonesies of Kroaties of Litaus is, gaan jou raaskoot waarskynlik nie te ver verkeerd wees nie. Ek is seker dat mens byvoorbeeld kan onderskei of daar Engels of Afrikaans of Sepedi gepraat word, al hoor jy geen dooie woord nie.

Hoekom? Dit laat ek aan die taalkundiges om te verduidelik. Wat ek voor wens, is dat mens soms 'n taal kan ont-weet om beter daarna te luister. Is poësie in vreemde tale so mooi omdat dit 'n snaaksigheid is, of dalk omdat ons net die musiek daarvan kan verstaan?

Ek sou so graag soms na Afrikaanse poësie wou luister met 'n dowe oor. Sonder begrip of interpretasie, net die suiwer metrum en musiek. Soos wat 'n baba dit moet hoor. Ag, lees tog vir die kleingoed poësie, al lees jy Breytenbach of Yeats of Rilke! Iewers moet daardie herinnering vassteek. En as jy Mandaryns of Chichewa of Moldowies magtig is en jy klop aan my deur met 'n vers of twee, dan nooi ek jou binne sonder 'n woord.

Die sterwende lig

Ironies dat ek juis dié naweek, met werk weg van die huis en nie genoeg leesvoorraad nie, 'n boek moet leen met so 'n titel: *A time to die* van Wilbur Smith. God se sin vir humor of net maar sinchronisiteit?

Ek ry terug huis toe in die paar uur voor sonsondergang en iets voel nie reg nie. Soos 'n legkaartstuk wat net-net nie pas nie of 'n sin wat nie woordvas sing nie. Die son wat soos 'n pienk pomelo in die vuil Hoëveldse lug wegsak en die spuit vol "cream soda" in die tassie langs my – groen en dodelik.

Vrouedag, onthou ek nou. Ook dit is gepas. Want nou, na 'n week of meer se uithou en wegdraai en terugskop, het my ma laat weet – dis reg, haar ou teef kry nou te swaar, ek moet maar kom doen wat daar te doene is. Sy wou dat die hond self gaan, dat sy tot die laaste sterwende lig nog aandraf, maar nou het dit te swaar geword. Daar is 'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterwe.

Sy lê in 'n donker hoek van die kamer, sodat ons 'n kers moet aansteek om goed te kan sien. Toe dit verby is, blaas ons die kers dood. Buite het dit donker geword. Ek soek die maan, maar dit sal eers later opkom, ook al kwynend. Ek soek na Venus, maar sy is tans 'n oggendster. Geen troos van dié hemelse vrouens nie. Ek soek na woorde en dit bring net melancholie, maar melancholie is wat ek nou wil hê.

Soos M.M. Walters se "In memoriam"-gedigte vir 'n hond en 'n kat. Of Charl-Pierre Naudé se troos aan "C, by die dood van haar hond" ("Die brand"). O, daar is soveel mooi gedigte oor die dood. Ook natuurlik Dylan Thomas, wat woed teen die sterwende lig:

Do not go gentle into that good night,

Old age should burn and rave at close of day,

Rage, rage against the dying of the light.

Though wise men at their end know dark is right,
Because their words had forked no lightning they
Do not go gentle into that good night.

Good men, the last wave by, crying how bright
Their frail deeds might have danced in a green bay,
Rage, rage against the dying of the light.

Wild men who caught and sang the sun in flight,
And learn, too late, they grieved it on its way,
Do not go gentle into that good night.

Grave men, near death, who see with blinding sight
Blind eyes could blaze like meteors and be gay,
Rage, rage against the dying of the light.

And you, my father, there on the sad height,
Curse, bless, me now with your fierce tears, I pray.
Do not go gentle into that good night
Rage, rage against the dying of the light.

Vreemd dat Thomas self nooit oud geword het nie – hy sterf voor veertig. En sy raad maak nie vir my sin nie. Ek dink dat mens moet laat gaan, dat mens die goeie nag moet naandsê. Saggies en sonder woede, sover dit vir jou moontlik is. Dit kan 'n leeftyd vat om te leer hoe om só te sterwe.

In memoriam Marcella

Joernalistieke protokol vereis seker dat ek na haar moet verwys as Marcella de Boom, maar te hel met protokol – sy was my ma! En nou is my moedertjie, my koelteboom, my Mamma Marcella skielik nie meer daar nie en “dit brand soos ’n pyl in my” soos Totius geweet het. Sy was nie net my ma nie, sy was my sielsgenoot.

Die eerste boek wat ek raakvat op haar rak is ’n bloemlesing wat sy self in sierskrif geskryf het die Kersfees na my geboorte, as ’n geskenk vir haar eie ma – “omdat jy heel eerste gedigte vir my gelees het, hier is vir jou ’n bloemlesing van die gedigte wat vir my die heel mooiste is en wat ek die liefste het”. Sy het nog hieruit voorgelees op ons laaste Poetry Crawl. Blake se “The sick rose” en “Imitated from the Japanese” van Yeats. Die laaste gedig in die boekie is P.C. Boutens se “Goede Dood”:

Goede Dood wiens zuiver pijpen

Door’t verstilde leven boort,

Die tot glimlach van begripen

Alle jong en schoon bekoort,

Voor wien kinderen en wijzen

Lachend laten boek en spel,

Voor wien maar verkleumde grijsen

Huivren in hun kille cel, –

Mij is elk dag verloren,
Die uw lokstem niet verneemt;
Want dit land van most en koren
Is mij immer schoon en vreemd;

Want nooit beurde ik hier te drinken
't Water dat de ziel verjongt,
Of van dichtbij hief te klinken
't Verre wijsje dat gij zongt:

Alle schoon dat de aard kan geven
Blijkt een pad dat tot u voert,
En alleen is leven leven
Als het tot den dood ontroert.

Sy ontroer my tot ver verby die dood. Sowat twee jaar gelede het sy begin met 'n reeks skilderye waarvan daar uiteindelik drie was – “Die dood is 'n mooi blou blom”. Dit was vir my so mooi, beide die titel en die skilderye. En ek het gedink ek is so slim om dit te kan ver-dig; ek dog ek weet. Nou lees ek weer die gedig (“mooi blou blom”) en n u weet ek.

In 'n versamelbundel van Van Wyk Louw wat ook eers aan my ouma behoort het en na haar dood na my gekom het, het my ma duidelik dikwels ook gelees. Dit is vol kantnotas en re ls wat in dik skewe potloodlyne onderstreep is (tipies die kunstenaar wat sy was en sekerlik met een van haar tekenpotlode!) of langs die kant met 'n duimnael gemerk. Onderaan die gedig “Nog in my laaste woorde” het sy geskryf “skryf dit asb eendag op my graf” en die laaste re l onderstreep:

mooi is die lewe en die dood is mooi.

Op Poetry Crawls, soos op die meeste gesellighede, het sy dikwels vroeg al tot siens gesê, voordat sy kwansuis in 'n pampoen sou verander. Daarom dat 'n vriend nou opmerk dat hierdie dood in haar aard was, want “she always left the party early”.

Ook my eerste gedigte het ek van my ma gehoor en met die Kersfees na my graad een jaar het sy my 'n baie ambisieuse geskenk gegee – 'n versamelbundel van Elisabeth Eybers. Een van ons albei se geliefde gedigte was “Bome”, want

daar is geen soepel weerstand so volkome

soos die geduld en buigsaamheid van bome.

Dalk is dit omdat sy self 'n “boom” was.

Vir Vrouedag het sy 'n uitstalling in haar galery gehang wat onder andere twaalf selfportrette ingesluit het, vanaf 1967 tot 2009. So 'n volmaakte getal, twaalf. Sy het dit genoem “one woman, one life” en dit met die hand op twee foliovelle uitgeskryf en teen die muur geplak. Hoe gepas. Toe ek vanoggend, drie dae na haar dood, weer daar kom, het die papier waarop daar “one woman” staan, op die grond gelê. Net nog “one life” was oor, soos 'n opstanding.

Wanneer ek in die oggende soms te vroeg by haar aangekom het, het sy bo uit haar kamer geroep dat sy nog in die bed is “met God en Bach”.

As sy self kon kies, is dit hoe sy sou wou gaan – skielik en maklik. Sy het Sondagmiddag soos haar gewoonte was ver in die koppie gaan stap met haar vier Africanis-honde, nadat sy tot naby gery het met haar bakkietjie. Dit was haar lewensbloed, die daaglikse stap in die veld, en sy het dit haar stiltetyd genoem. Met die terugkom het sy die honde weer ingelaai, die bakkie huiswaarts gekeer en seker twee honderd meter verder aan 'n hartaanval gesterf. Ek dink dit was van ekstase, asof haar ontmoeting met God dié keer te veel was vir 'n sterflike mens, soos Moses wat sy gesig moes wegkeer van die goddelike teenwoordigheid. Dié keer het sy nie weggedraai nie.

Ek hoop sy verf die hemel rooi

15

Blou

Ek erf 'n klein, klein boksie, 'n blou een, van hout. 'n Kissie vol niks, so sê die briefie binne-in, maar daar is tog iets – 'n sonnet van John Keats. Bo-aan, in potlood geskryf, staan daar: “Vir die blou kissie”:

12

Answer to a Sonnet by J.H. Reynolds, ending –

Dark eyes are dearer far

Than those that mock the hyacinthine bell.

Blue! 'Tis the life of heaven, – the domain

Of Cynthia, – the wide palace of the sun, –

The tent of Hesperus, and all his train, –

The bosomer of clouds, gold, grey, and dun.

Blue! 'Tis the life of waters – ocean

And all its vassal streams: pools numberless

May rage, and foam, and fret, but never can

Subside, if not to dark-blue nativeness.

Blue! gentle cousin of the forest-green,

Married to green in all the sweetest flowers –

Forget-me-not, – the blue-bell, – and, that queen

Of secrecy, the violet: what strange powers

Hast thou, as a mere shadow! But how great

When in an Eye thou art, alive with fate!

Ek wonder hoeveel van my grootoumagrootjies en oeroupas het blou oë gehad, soos dié van my oupa, my ma, en nou laastens, ek. Tot my skok ontdek ek die Groot Verseboek het nie my gunsteling A.D. Keet versie in nie, dus moet ek dit elders gaan soek, in 'n (blou!) boek van sy briewe en gedigte deur sy seun (A.D. Keet II) versamel.

Ek hou van blou

O, vra my nie my liefde,

Ek het dit weggegee

Aan 'n kleine koringblommetjie

En aan die grote see.

Ek hou van bloue blomme,

'k Aanbid die hemelblou,

Jou oë vermy dit kón ek nie –

Ek min hul meer dan jou!

Dié gedig het ek geleer toe ek nog nie verstaan het wat “vermy” beteken nie. In my suigelingwysheid

het ek geglo dis seker 'n drukfout, dat dit “vir my” moes wees en dat die vreemde onvoltooide sin wat so ontstaan, dan te wyte sou wees aan digterlike vryheid. Digtters is mos toegelaat om enigiets met die taal te doen.

Van “min” het ek meer verstaan, al was die liedjie “Jesus min my salig lot” (ja, sonder die komma) ook maar bietjie bo my begrip. Soos digters, kon mens godsdiensliedjies egter heelwat vergewe, soos die vreemde “Water vriend het ons in Jesus”.

Van liefde weggee, daarvan leer ek al meer.

Pohesie op die net

Slimwees is goed en wel en 'n gemaklike lewe na te strew, maar ek wil 'n lansie breek vir sukkel. Dis nie dat ek heeltemal glo aan “niks wat die moeite werd is, is maklik nie”. So eenvoudig is dit nie, want wat dan van “die beste dinge in die lewe is verniet”? Die idee dat goeie kuns net uit smart en diep waters gebore kan word, is myns insiens ook onwaar, hoewel daar tog 'n mate van diepte as agtergrond agter selfs die vrolikste rympies behoort te skuil. Sukkel is egter dikwels die regte ding op die regte tyd.

Sukkel gaan hand aan hand met sogenaamde “kreatiewe armoede”, daardie skeppende hupstootjie wat van 'n moeilike situasie 'n manjifieke geleentheid maak, soos Scarlett O'Hara se balrok van gordyne. As dinge moeilik raak, dan maak 'n boer 'n plan en 'n digter maak 'n woord.

Kreatiewe armoede, synde 'n tekort aan bates wat op 'n kreatiewe manier omseil of oorwin word, kom mens nou ook op die wewebteë. Daar waar die Engelsman hoogty vier, met oënskynlik geen behoefte aan kappies, deeltkens en aksente nie. Daardie lewensbelangrike diakritiese merkers in ons taal en poësie. Hoe mens jou sê kan sê op 'n e-pos het ek nog nie ontdek nie en 'n blog sou bitter moeilik raak as dit nie was vir *copy & paste* nie. Maar uit moeilikheid moet mens jou dan maar mymer.

As jy nie kan sê nie, dan seg of beweer of vertel jy maar. As jy nie kan hê nie, dan besit of bekom of begeer jy weer. Met vogeltjies in die reent is daar ook nie fout nie en op die nippertjie kan jy pohesie laat rym met kohesie. Net met *poetry* mag jy nie kroek nie, want dan, met apologie aan Breytenbach, “komma en punt [my] hare/ soos die diakritiese tekens van 'n gedig” (Uit: “om 'n gedig te skryf”).

As die lente so uit die nate van haar oopskoprok wil bars, dan wens ek daar was 'n manier om dit te vertel sodat dit poësie kan word. Poësie sommer so onopgesmuk soos Leipoldt se Oktobermaand.

Woorde, anders as beelde, is so belas met betekenis. Dis maar hoe dit is. Dis hoe dit moet wees. Tog wens ek vir woorde wat 'n foto kan neem van die papawers wat so lila en wondpienk staan teen die bougainvillea in my ma se tuin; die pers van irisse en mak sering en wistaria en jakaranda alles op een slag, een oogopslag; die geel van geelvinke en die rooi van rooikophoutkappers en die blou van blousysies. Net soos ek soms wens vir landskappe en ruikers en stillewes. Iets soos Jan F.E. Cilliers se "Dis al", maar net die eerste strofe, nee, net die eerste vier reëls:

Dis die blond,

dis die blou:

dis die veld,

dis die lug;

sonder eensaamheid of ballingskap of vallende trane, sonder vreugde of liefde of ekstase. Sommer net dit wat is. Dis al.

Skryfkuns se ander familie

Hoe meer ek myself week in ander kunsvorms buiten die skryfkuns, hoe interessanter raak dit om vergelykings te tref en parallels te trek. Nie net in terme van praktiese oorwegings soos spasie, uitvoerbaarheid en onkoste nie, maar ook die manier waarop elkeen ontstaan en hoe dit tot uitdrukking kom.

Die mees efemere kunsvorm is seker die dans. In sy suiwerste vorm bestaan dit net in die oomblik. Dit is soos 'n verskietende ster of 'n reier wat teen die sonsondergang vlieg, enkel en enig en onherhaalbaar. Choreografiese notas? Video opnames? Niks kan dit werklik vasvat nie. *Poetry in motion*, sekerlik, maar 'n woordelose poësie wat van jou lippe sal gly soos oggendmis. Soos poësie benodig jy in werklikheid net jousef om dit te kan beoefen – geen aparate of voorrade buiten jou eie bewussyn nie.

Musiek kom daar naby. Sang kan immers 'n brug span tussen poësie en dans. Tog is dit makliker om musiek vas te vang – jy kan dit noteer of opneem of in jou kop vashou as 'n wysie. Buiten wanneer jy die instrument in jou goue keel rondra, kan musiek ook swaar raak. Nie Wagner-swaar of requiem-swaar nie, maar fisies swaar soos 'n tjello of 'n vleuelklavier.

Die enigste kunsvorm wat nie in tyd afspeel nie, is die beeldende kunste. Goed, dit neem tyd om te maak en sekerlik tyd om werklik te waardeer, maar in essensie is dit net eenvoudig daar. Meteens en vir altyd (installasiekuns en ander moderne goeters neem ek nie hier in ag nie). Die naaste wat poësie daaraan kan kom, is in iets soos 'n haikoe wat mens byna met een oogopslag kan “weet”.

Van die drie algemeenste skryfvorme, kom die kortverhaalkuns vir my die naaste aan beeldende kuns en dan spesifiek skilderkuns. Poësie is te vlugtig, meer dalk soos 'n waterverfskildery wat vars en vinnig gebeur. Of 'n foto? Romans is weer te lank en kompleks, 'n hele wêreld vol stories en intriges. Kortverhale lê iewers tussenin. Selfs die aanbieding is dieselfde – jy versamel 'n stuk of vyftien, twintig verhale/skilderye en stal dit dan uit vir gesamentlike waardering. Woorde pas natuurlik sommer in jou gatsak, terwyl skilderye 'n wavrag kan word.

Wie ook al wat beoefen, is ek in elk geval oortuig dat noue familiebande 'n voorreg is, 'n kans vir nuwe stories en vars inspirasie. Ek leef hoeka met twee muses saam – wanneer die skryfmuse my verlaat, mik ek maar na die verfkwas. Viva la familia!

Drenteling

Mag ek maar bietjie drentel vandag, mag ek sy-paadjies bewandel wat wegkoers van één rigting en onder bome tot stilstand kom. Sommer net om te staan en kou aan 'n grashalmpie en 'n paar dinke te dink.

Ek lees, met gemengde gevoelens, *Franny and Zooey* van J.D. Salinger (blykbaar beter bekend vir *Catcher in the Rye*, wat nog op my leeslys is). Dis 'n dun, onimposante boekie waarvan die grys voorblad al afgeskeur is. Afgelees, waarskynlik. Die 1968 Penguin-uitgawe is vir vyftig sent verkoop.

Die stories (daar is twee verwante stories wat aanvanklik in *The New Yorker* gepubliseer is) laat my dink aan 'n baie interessante gespreksgenoot wat met ietwat aangesitte vaardigheid begin vertel aan 'n storie. Hy is 'n gebore *entertainer*. Jy hang aan sy lippe. Jy verwonder jou oor sy woordspel en slimghede en kwinkslae. Jy wag vir die ontknoping. Jy wag en wag. Later begin dit jou verveel. Jy sal eerder aangaan om die skottelgoed te was of jou toonnaels te knip. Maar jy is teen wil en dank sy luisteraar, 'n gevange gehoor.

Wanneer die storie uiteindelik met 'n gedempte knal eindig, knik jy instemmend jou kop. Ja, dis hoe dit is. Brilljant gedaan. Tog wonder jy: Sal ek die vriendskap laat kwyn oor die langdradigheid daarvan of dit behou ter wille van die skaars wyskede? Sal ek die boek 'n plekkie gun op my oorvol rak of dit verpand vir iets beters?

Ek sal nie die einde verrai nie, daarvoor moet jy self deur die oneindige dialoog sweet. Maar vroeg in die eerste storie het Franny, 'n kollege-student, dit oor wat 'n regte digter is. Sekerlik kan mens tot Bloomsday sit en redeneer daaroor, soos oor kuns en skoonheid en ander ondefinieerbare abstraksies. Hier is egter Franny se mening:

“... they're not *real* poets. They're just people that write poems that get published and anthologized all over the place, but they're not *poets* [...]

“If you're a poet, you do something beautiful. I mean you're supposed to *leave* something beautiful

after you get off the page and everything. The ones you're talking about don't leave a single, solitary thing beautiful. All that maybe the slightly better ones do is sort of get inside your head and leave something there, but just because they *do*, just because they know how to leave something, it doesn't have to be a *poem*, for heaven's sake. It may be just some kind of terribly fascinating, syntax *droppings* – excuse the expression.”

Later in die boek gaan Franny, 'n amateur aktrise, weer te kere oor die “stupidity of audiences”, 'n gehoor wat nie die subtiliteite van die teks of die opvoering begryp nie. Haar broer vermaan haar. Dit het niks met die kunstenaar te doen hoe die “gehoor” reageer nie – “An artist's only concern is to shoot for some kind of perfection, and *on his own terms*, not anyone else's”.

Of ek met al twee saamstem? Dit voel my nogal so, maar laat ek eers nog daaroor dink, laat ek eers nog bietjie verder stap en aan my grassie kou...

Bokser in 'n boks

Kuns, soos God, behoort mens se hele lewe te deurweek. Dis daardie “you’re a poet and you don’t know it” oomblikke wat die lewe kan versier soos pietersielie op ’n aartappelslaai. Ek onthou nog die heerlikheid van ’n opskrif in ons studienotas oor tande – The pathophysiology of pulpal pathology. Ek wou dit oor en oor oor my tong laat rol soos ’n rympe en niemand het my verwondering verstaan nie.

Vanoggend kom laai iemand ’n siek hondjie by die kliniek af, terwyl ek vir ’n oomblik uit is. Die hond is in ’n hok, beduie hulle toe ek terugkom, ’n Bokser. ’n Klein hondjie? Ja, in ’n boks, ’n baba-Bokser in ’n boks. En die dierbare brakkie steel sommer net daar my hart. Nie oor hy klein en siek en oulik is nie, of nie net daaroor nie, maar oor hy sulke mooi poësie kon maak sonder dat hy eers daarvan geweet het.

Wêreldvreemd

Die wêreld, die mensgemaakte wêreld, bly vir my 'n vreesaanjaende plek. Asof ek, wanneer ek dit daarin waag, soos 'n spioen van elders, telkens die risiko loop om uitgang te word. Oopgevelek as onbekwaam en onwelkom.

Maar hier leef ek. Hier betaal ek my belasting en hier koop ek my brood en melk. Dit is met groeiende ambivalensie wat ek hierdie wêreld bewoon. Aan die een kant wil ek my onttrek van alle opinies en argumente, ver van die alomteenwoordige media – geen koerante of tydskrifte of radio nie, geen nuusbriewe of berigte nie, selfs geen plakkate teen lamppale nie. Miskien is dit tog moontlik – ek probeer my oë op die pad hou en die radio net selde nog aanskakel, ek lees nie koerante nie en vee alle e-pos nuusbriewe of aanhegtings onopgemaak uit, ek vermy webtuistes en probeer my doof hou vir gesprekke oor die politiek, die ekonomie en die verkrummelende aarde.

Oor die literêre wêreld voel ek nie veel anders nie. Ek het die spoor byster geraak en loer uit die ruigtes hoe dinge voortsnel op die letterkundehoofweg. Die verbyflitsende name en sake is te veel en te vinnig vir my oog om te raak te vang. Ek hoor nog so nou en dan van 'n nuwe boek, ek loop 'n nuwe bundel raak in die boekwinkel, maar eintlik is my greep op die literêre werklikheid aan 't verslap. Binnekort gaan dit tussen my vingers deur wegglip – resensies en boekbekendstellings, wederwoorde en feeste, LitNet en Versindaba en Boeke-Rapport. Selfs ons drie-maandelikse Poetry Crawls voel vir my skielik oorweldigend en onwelkom.

Kan mens so oorleef, in die oerwoud van onkunde? Kan mens nog kuns skeep sonder die wêreld? Ek hoop so. Ek hoop dat daar iewers in die stilte woorde sal wees.

Ons skiet gedigters

Vanoggend staan ek in die ry om my munisipaliteitsrekening te betaal, nie die mees inspirerende tydsverdryf nie. Hier betaal jy vir dienste gelewer en nie gelewer nie. Die ry is nie lank nie. Gelukkig is daar 'n kennisgewingbord om mens besig te hou, want soos alle kennisgewingborde is daar 'n magdom spel-, taal- en dinkfoute wat die didaktiese gene in my laat kriewel. O, vir 'n lekker rooi merkpen!

Een van die plakkate is 'n advertensie van 'n fotografiese studio en daarop staan onder andere: We shoot poetries and motivational speakers. Nou weet ek so bietjie van motiveringsprekers, maar daai een van die "poetries" maak my bang. Selfs met 'n kamera gaan jy dit moeilik vind om die digkuns te skiet, om nie van verskeie digkunste te praat nie. Digters is wel makliker prooi. Terloops, dit verbaas my dat my rekenaar se speltoetser nie protesteer teen die woord "gedigters" nie. Dalk weet hy meer as waarvoor ek hom krediet gee.

Maar genugtig,

dat hulle gedugte digters

darem so vernuftig

wil uitknikker,

dié fotografiese skerpskutters!

23

Tuisbevalling

Na etlike maande (vier? vyf?) is die skryfmuse uiteindelik terug van langverlof en het net laas week weer haar intrek geneem in die kamers van die Woordhuis op Cullinan. Ja, goed, ook begrafnisverlof. En kraamverlof. Mens moet deernis hê met haar. Gelukkig was dit 'n tuisbevalling – soveel minder stresvol as die kraamsale van uitgewers.

Ek glo nogal aan die dienste van amptelike uitgewers, in teenstelling met selfpublikasie. Die keuring en kritiek, die uitwan en uitwys kan iets wat min of meer soos woorde lyk, regruk en optof tot poësie – aanvaarbaar vir die publiek se wye en diep oog. Die afstand en perspektief van andere is dikwels maar die skuurpapier en vernis waarmee jy jou skewe handewerk skaaf tot iets skafliks. Dis net so 'n lang kraamproses. Ai. Waarom dan enigsins publiseer?

Ek glo egter ook daaraan dat 'n stuk werk, 'n manuskrip, nodig het om op 'n tasbare wyse afgehandel te word. Dit moet uit en weg, sodat die kanale weer oop kom. Dus, wanneer mens net nie lus het vir die heen en weer, die kies en koes en voetekus van publikasie nie, dan doet jy dit maar selwers.

So op 'n beskeie manier, met skaars 'n ou skreetjie om die wêreld te begroet, het daar dus die afgelope week of twee 'n bundel die lig gesien. Sommer so handgebind deur Pandora Boeke, een-een, tussen die honde en die hoender. Nie lywig nie, 'n stuk of sestig gedigte soos maar die gewoonte is hier. Maar mooi, al sê ek dit self. Hoe gaan daardie liedjie? Daar onder in die vlei stap 'n mannetjie...want gister is 'n baba gebore... Jan Donderdag van Gorrelbek van Staden... Ensovoorts.

Vergewe my as ek so breëbek glimlag soos 'n kat wat die room gesteel het.

En welkom terug, my muse.

Woorde en andere

Na die naweek se Versindaba voel mens eintlik jy wil maar stilbly, in die lig van soveel woorde. Des te meer omdat ek dit gemis het. Die kunsuitstalling sou ek ook graag wou bywoon. Om op te maak, het ek maar hier in die noorde self 'n kunsronde gedoen.

Vrydagaand was die opening van ons lokale kunsvereniging se laaste uitstalling vir die jaar en heel skaflik. Saterdag het ons die stadige snelweg gepak Johannesburg toe (twee ure om 'n honderd kilometer te ry), na die Preller-uitstalling by die Standard Bank galery. Hulle uitstallings is gewoonlik die verkeer werd en hierdie slag nie anders nie. Weer eens woordeloos. Sjou, dat 'n man soveel mitologie en simbolisme in een leeftyd kan kafdra. Sou dit moontlik wees in woorde?

Wat interessant is en waaroor ek al dikwels gedink het, is hoe die titel van 'n kunswerk so dikwels baie bydra tot die betekenis daarvan. Jy sien 'n manlike torso wat uit die agtergrond groei en dis visueel aangrypend, maar wanneer die titel sê dis die *Skepping van Adam*, dan kom daar 'n hele nuwe konteks/interteks by. Of die aangrypende groot groen skildery van 'n skedel en jy lees *You will never know*. Kunswerke is dus steeds van woorde afhanklik, dit rig die kyker se denke. Ek haat skilderye getiteld *Untiteld* of *Komposisie in blou*. Een van die redes waarom ek so lief is vir die Spaanse skilder Miró, is sy titels – pure poësie (sien 'n vorige blog getitel *Poësie*).

Al die mooi goed; dit maak my jaloers. Dit maak my nederig. Sonder woorde en sonder beelde.

25

Verwoesting

Vanoggend wonder ek oor die Engelse woord “devastation” – verwoesting, sê die woordeboek. Neergeslaan en kaalgestroop. Vanoggend weet ek wat dit beteken.

Daar lê ’n haelhoop op my stoep, ’n halwe meter hoog. Ek reken dit gaan ’n dag of wat neem om te smelt, ek sou ’n ysman kon bou. My strelitzias lyk soos palmbome, slierterig aan flarde geskeur en van die sonneblomme is daar nie veel meer as stammetjies oor nie. My groentetuin, ag – verwoesting.

Min mense lees seker nog die ou Afrikaanse digters. Te verstane. “Klaas Geswind en syn perd” het seker nog vermaaklikheidswaarde, maar as selfs Van Wyk Louw vir die jonger garde onbereikbaar is, wat dan van Totius en A.G. Visser? Ek mag verkeerd wees.

Iewers uit my kleintyd, iewers toe die aande vol kerslig was en die weer meer as hofflike geselsies, onthou ek A.D. Keet se “Lied van die koringboer”. Sentimenteel, ek weet. Droogte, die uiteindelijke reën, maar ook hael en dan weerlig wat die hooimied tref:

En dit is die lied van die koringboer

Wat die hele jaar se gesaaie –

Sy brokkie brood, en sy vee se voer,

Sien vergaan ‘t in ligte laaie.

Daar is ander en beter gedigte oor storms en reën, selfs uit daardie era. Eugène Marais se “Die dans van die reën” en Jan F.E. Cilliers se “Die vlakte” of die wonderlike “Reën in die voorwinter” van G.A. Watermeyer. Maar oor verwoesting? Vertel my.

Miskien nou dat die aarde kwaad word, nou sal sy ons weer grond toe dwing. Kaalgestroop,

neergeslaan, maar hopelik gewortel. Dis nie in teer en beton waar dinge groei nie, maar daardéúr. Sê Van Wyk Louw:

Toe jy kind was, het jy gedink:

daar sal groot dinge kom uit my,

groot dinge, grotes en goeies –

soos 'n seun moet dink, natuurlik.

En: die groot is gesplits, én die goeie,

nou:

en in plaas van net groot en net goed,

het daar verskriklikheid en eenvoud

en boosheid en eenvoud

en eenvoud en nederigheid

• – gespikkelde sampioene,

deur die teer, uit die teer van die straat,

keiserlik rooi en wit

by die breuk uit wat jy is, kom peul.

Die aarde is nie eenvoudig nie.

Wees gewaarsku. Die aarde is nie eenvoudig nie.

Grond soos woorde

Wanneer die lewe daarop aandring om in lae te kom lê, soos die stof en as en rommel na 'n aardbewing of vulkaniese uitbarsting, sodat mens moet spoeg en snuif en snuffel, soekend na wat nou eintlik wat is, dan vind ek so bietjie troos in Sokrates – die onondersoekte lewe is nie werd om geleef te word nie. Overgesetsynde, delf soos 'n wafferse argeoloog deur dit wat jou toeval. Jy gaan nie noodwendig 'n Pompeii of Little Foot blootlê nie, maar jy gaan baie grond verskuif.

Grond soos woorde. Woorde soos grond. Is dit nie maar hoe poësie gebeur nie? Jy stoot soos 'n mol blindelings vorentoe deur die aarde, jou ander sintuie soos radar ingestel om dinge raak te hoor, raak te ruik, raak te voel. Jy grou tussen grond en klippe en erdwurms, wik dié kant toe, stoot daardie kant toe. Jy stoot iets uit in die lig. Of dit sin maak, of dit betekenis het, dit weet jy nie altyd nie. Soms wag iemand daarbo om jou disnis te slaan, dan duisel jy en jy duik weg. Maar jy tunnel voort, want dit is wie jy is en waar jy hoort. Grond verskuif is jou aard.

Dit kan 'n leeftyd neem, dié grondstotery. Maar hoe eet mens 'n olifant? Een hap op 'n slag. Hoe versit mens 'n berg? Een hople op 'n slag.

Voorwaarts, dapper grouers. Hef aan lê nog voor.

My huis het honderd agt en veertig vensters. Dis nou sonder die honderd en dertig gekleurde bottels in die bottelkamer se muur, of die glaspanele in deure, of die binnevensters. Dis om die lig in te laat, die son in skerwe binne te bring. Of die maan, wat ook maar son is.

Ek is gefassineer deur lig. Elke oomblik van die dag is die lig anders. Mens sou dit kon skilder, al om die uur, soos Monet se hooimiedens. Miskien sou mens dit kon skryf – die lig om sesuur, die lig om nege-uur, die lig om twee, die lig om vyf (“vyfuur klokslag in die middag” soos Lorca). Ek wens ek kon iets bedink soos ’n “Groot ode aan lig”, ’n katedraal van woorde.

Binnelig en buitelig en weerkaatsende lig. Dis nie net die kunstenaar in my wat verwonderd staan nie, die wetenskaplike se kop draai ook. Wat is weerkaatsing? Wat is skaduwee? Waarom het lig verskillende kleure? Die spoed van lig? Hoekom is lig golf én deeltjie, of is dit? En kwantumfisika, is dit nie ook maar op ’n manier ’n filosofie van lig nie?

Op ’n ander noot – hoe wonderlik dat lig (i.p.v. donker) ook lig (i.p.v. swaar) is. Waar dinge te swaar word, gebeur ’n swart gat wat selfs lig insluk.

Ek gee nie voor om Van Wyk Louw se “Drie keiserportrette” te verstaan nie, maar dít is vir my mooi:

[...] Die lig

is heerlik, maar dit rus so stil op dinge

dat niks roer.

[...]

Ek moet in hierdie ouderdom dan boet

my knegskap aan die lig; en in die sotte

kronkels van die sterwe nog eers leer:

die son dryf op die duister soos 'n veer.

Van kleitrap, voete van klei en kleihuisies

Omdat mens nie net sommer iets kwytraak sonder dat dit gegrond is nie, dog ek toe as ek iets wil sê oor klei, moet ek dáárdie gedig gaan soek. Dog ek met my kop en my onthou, terwyl my voete die vaal klei trap. Dis nou nie figuurlik gesproke nie. As mens jou kreatiwiteit tot die uiterste wil voer sonder om dieselfde met jou bankbalans te doen, dan trap jy klei. Letterlik. Klei en sand en strooi. Al gehoor van die drie varkies? Nou ja...

Maar om terug te kom na die gedig. My onthou sê vir my daar is so iets, oor die perdebye wat kleihuisies bou, en dat dit iewers in my boekrak moet wees. Maar waar begin mens soek as jy nóg die outeur nóg die regte titel kan onthou? *Groot Verseboek*? Nie as jou enigste leidraad p vir perdeby is nie.

Om een of ander rede dink ek toe dis dalk I.L. de Villiers se vers. Omdat ek so half-en-half dink dis 'n religieuse gedig. Oor perdebye? Kleihuisies, kleitrap, kleivoete – wie weet. In ieder geval lewer hierdie leidraad toe ook niks op nie. Nie eers toe ek die hele *Die braambos brand* ('n versameling religieuse gedigte) deur is nie.

Nou weet ek nie of daar 'n plek bestaan waar mens jou halwe versreël kan intik en wag dat die rekenaar 'n gedig uitspoeg nie. Ek bedoel nou 'n bestaande, gepubliseerde gedig. As iemand van so iets weet, sal dit gaaf wees as hy of sy ons kan inlig. Want Google is toe nie so besonder van hulp nie. Tik jy 'n kombinasie in van “perdeby” en “klei” en selfs “huisies” daarby, kry jy meestal goed oor goggas. Wel, verbasend genoeg, ook 'n digwerf (poësiwerf? gedigteweb?) of twee, maar nie die angel waarna ek op soek is nie. 'n Angel moet kan raaksteek, as dit 'n angel is. Met apologie aan Van Wyk Louw.

Dan maar vingertrek. Let your fingers do the walking through the poetry pages. La-la-la. *Groot Verseboek* lyk toe vir my te dik, al weet ek ek kan maar vir “Klaas Geswind” en “Oom Gert vertel” byvoorraat uitskakel. Opperman se ander bloemlesings is dunner, dus gaan sit ek met *Junior Verseboek* en *Senior Verseboek* (bestaan daar deesdae nog so iets?) en blaai dié deur.

Ek moes geweet het dat ek van agter af moet begin. Of miskien ook nie, want wás dit nou 'n lekker trippie! 'n Digbundel is mos nie net vir soek en los nie, mens haak alewig vas. Dis soos om in jou oumagrootjie se klerekas te gaan soek na 'n handskoen; op die ou end pas jy al die rokke aan.

In ieder geval kry ek toe daai perdeby so twintig bladsye van agter af in die tweede bundel wat ek (van voor af) deurblaai. En dis toe al die tyd die “o” wat my gepootjie het – “o perdeby met huisies klei”. Van Jan Spies (*Voetvolk*, 1975). Nou het ek vergeet wat ek oor klei wou sê, maar hier is die gedig:

o perdeby met huisies klei

o perdeby met huisies klei

dit bou en broei

solank daar groenvleis in die fyntuin woel

een vir een word hulle ingeperk

die rusper met sy sekelrug

en alkantselfkantaangesig

miswurm wat in die donker boer

met kopuitsteek word hy gevat

boomwurms blaar-en-blom-self

maar jou oog is reg

o perdeby hoe een vir een word hulle opgetel

en gebêre elkeen in sy stil klein sel

dié storie moet ek wyd vertel

Op pad na 'n nuwe maan

Ons hou toe Saterdag ons laaste Poetry Crawl vir die jaar. Die tema dalk holrug gery vir dié tyd van die jaar, maar heel nuut vir 'n Crawl – Nuwe begin/Dagbreek/Transformasie. 'n Hele mondvul en anders as Liefde/Dood/Diere en dies meer, nie so maklik om gepaste gedigte te vind nie. Maar juis daarom so lekker. Want soos 'n goeie vakansie, is die reis na die bestemming deel van die plesier. Jy kan seker kroek en op die internet soek, maar dis baie lekkerder om deur die bundels te blaai. Dan stop jy by ander plekke langs die pad en jy lees weer 'n honderd en een ou gunsteling en nog 'n tweede honderd onontdekte. Op die ou end is dit moeilik om vier te kies uit die vele gedigte wat hulself aanmeld.

Dis nie 'n goeie idee om lang gedigte te lees nie, het ek weer besef, veral nie teen halftien die aand, wanneer die kos en wyn al hul eie poësie begin maak nie. T.T. Cloete se “Eier” is vir my 'n wonderlike gedig wat groei en transformeer sommer so onder die tong, maar luisteraars hou nie by as hulle nie self die woorde kan sien nie, in elk geval nie as die uwe dit lees nie. Ons het op 'n stadium probeer reël dat elkeen kopieë voorsien van dit wat hulle lees, maar die reëling het gou tussen die lyne deur geval. Nou moet mens maar leer om die langes vir eie plesier te hou.

Ted Hughes se “Cock-crows” maak dit nog net-net as kort genoeg. Ek het nog nooit 'n dagbreek so visueel gehoor soos hier nie. En dit sonder 'n enkele kokkedoedeldoe. Omdat ek hierdie ver van huis en haard en boeke skryf, kan ek nie eers aanhaal uit die gedigte nie – jy sal dit maar self moet gaan soek.

Soos dit maar gaan, tref ons dit toe weer sleg met die weer. Dis reeds 'n paar dae na volmaan, maar met 'n potblou wolkkomers wat toetrek en kom natmaak, is die maan en die maanliglopery daarmee heen. Kort voor middernag ry ons terug na ons huise toe, sonder maan of sterre, maar darem op pad na 'n nuwe maan, na 'n dagbreek ná middernag en hopelik nog tonne poësie wat voorlê in die nuwe jaar.

Daáardie klip, herbesoek

Dit is nou al byna vier jaar sedert ek dit die eerste maal gesien en gefotografeer het. Daardie klip. Die befaamde omslag van *Fluisterklip*. Nie *die* fluisterklip nie, dit het ons in Desember 2004 al in die Woordhuis se fondasies ingebou. Maar sekerlik soort van familie daarvan. Of dalk is alle klippe in elk geval familie. 'n Mooi familie. My buurvrou Helen sê mos daar is nie so 'n ding soos 'n lelike klip nie.

In ieder geval, ons kry toe uiteindelik 'n geoloog wat genoeg belangstel om te kom kyk. Na die klip. Om te kom sê wat dit nou eintlik is. Ons reël die uitstappie vir gister.

Sondagnamiddag trek die skitterblou lug toe skielik toe en met gister se wakkerword lê die wolke dik en swaar en koud. Dreigend, maar nie genoeg om ons te ontmoedig nie. Ons ry tot waar die veld begin en dan is dit voetslaan. Ook nie lank nie of dit begin drup. Druppels word katspoegies en katspoegies word krokodiltrane, maar ons stap. Dis toe die krokodiltrane mik na 'n geelperskereën, dat ons maar eers onder 'n boom gaan staan. Maar net vir 'n rukkie, toe lyk die druppels weer minder. Die twee Nederlandertjies het intussen besluit om eerder om te draai. Ek dog hulle wéét van water. Afrika is nie vir sissies nie.

So in die reën lei ons die klipman na die klip. Iemand wat opgewonde kan raak, iemand wat *lief* is vir klippe. En hy ráák opgewonde. Dis iets wat hy in sy hele lewe (hy is nou al afgetree) nog nie gesien het nie. As ek reg verstaan, is dít sy verduideliking:

Waarskynlik so 2300 miljoen jaar gelede is sand met 'n hoë kleigehalte as sedimentasie hier neergelê. Met die droogwordproses het dit gekrimp en gekraak en gedeeltelik versteen. Verwering het die krake vergroot en slik is hierin neergelê. Later het die hele spul versteen. Geweldige hitte tydens die vorming van 'n nabygeleë granietlaag het waarskynlik verdere rekristallasie van die sandsteen (kwarts) veroorsaak.

Dit klink miskien soos Grieks, maar in die mond van 'n entoesiastiese geoloog is dit 'n hooglied.

Ek sal seker nooit die wonder van hierdie klip reg kan verwoord nie. Dis soos die skubbe op die rug van 'n dinosourus onder jou voete, onder jou hand. Dis mosaïek en skildery en beeldhouwerk en simfonie. Dis woordeloos en daverend en fluisterend. Ek gee op. Miskien is die klip se eie mooitte op die ou end poësie genoeg.

Krismisbluēs

Hierdie is nie 'n biegblok nie, maar ai, hoe skryf mens iets feestelik vir die Kersfeesweek wanneer jy voel soos 'n bloukopkoggelmander teen 'n boomstam – al om en om om van iets (of alles) weg te kom? Dog ek sou my vakansietone oor Kersfees in die see kon steek, met net die blou (!) water en die blou lug as geselskap. Dog het 'n veer geplant.

By gebrek aan 'n tydvou of 'n wurmgat waardeur ek direk die nuwe jaar kan inskiet, is dit dus ek en my woorde dié Krismis. Nie dat woorde nie 'n tydvou kan wees nie. Steek jou kop diep genoeg in die byenes van rympiesmaak en as jy weer kyk, is ure verby. Ja, jy sit miskien met 'n paar steekplekke, maar daar is darem hoop op 'n smeerseltjie heuning op jou lippe.

Woorde is in elk geval gepaste geselskap vir Kersfees. Die Woord het vlees geword en onder ons kom woon...

Geseënde Woordfees.

Die Lig wat reeds gekom het

Daar was 'n uitstalling wat sy nog wou hou, wat sy gehoop het om Pole toe te neem. Die Europeërs was altyd gaande oor haar kleurryke skilderye, so asof hulle 'n honger gehad het vir son. Die uitstalling sou gaan oor “die lig wat reeds gekom het”, oftewel “die Lig wat is”.

Kersfees, het ons weer eendag bedink, was oorspronklik die noordelike halfmond se viering van midwinter, die viering van hoop, hoop dat die somer en die lig weer op pad is. Maar in die suide dan? In die suide moet Kersfees dan wees die viering van die lig wat reeds gekom het.

Mentorskap

My ouma en oupa het jare lank in 'n duplekswoonstel in Pretoria gewoon. Teen die muur langs die trap op na die tweede vloer was daar, behalwe vir die gewone versameling trotse familiefoto's, ook 'n magdom geraamde sertifikate en toekennings wat my oupa as leermeester en navorser ontvang het. As kind en later as student, is ek menigmaal goedig deur my ma gemaan: "Hou jou oog hierop en doen jou bes". Nie dat ek ooit gedroom het om in my oupa se voetspore te volg nie, maar mens het tog iemand as held, voorbeeld en/of mentor nodig. Die uitdaging is om iewers tussen nabootsing en navolging jou eie balans te vind.

In die veeartsenykunde was daar genoeg afstand tussen my eie loopbaan in privaatpraktyk en dié van my oupa as lewenslange Anatomie-dosent om nie te voel ek stap te veel in gebaande weë nie. Met die skilderkuns was en is dit 'n ander storie.

Behalwe dat ek grootgeword het uit die stam van en in die skaduwee van 'n skilder-boom, het ek vir die laaste elf jaar skaars 'n halwe kilometer van daardie boom gewoon. My ma, synde 'n skilder van beroep, was al te naby om die kans van appeltjie-nie-ver-van-die-boom-af te verhoog. Sedert ek vyf jaar gelede weer meer tyd en plek het vir skilder, moes ek doelbewus my eie pad loop. Ja, ek kon by haar leer wat tema en tegniek betref. Ek kon, wanneer ek myself in 'n hoek geverf het, die straat op stap en vra, Hoe nou? Maar ek moes (en moet nog steeds) myself met groot versigtigheid laat afkyk en nadoen.

Op die gebied van die poësie is dit net so 'n mynveld. Daar het ek nou nie iemand tasbaar naby nie, maar woorde is daar veel van. Sit mens met 'n sak vol wanordelike woorde in jou skoot, is dit te maklik om te sê: Maar kyk hoe doen dié een of daardie een dit. Kyk na sy beelde. Kyk na haar taalmanipulering. Kyk wat doen hulle met of sonder rym, met of sonder leestekens, met of sonder emosies. Dit is tog ook wat menige mentor en kritikus sal aanbeveel. Gaan léés die goeie digters! Hou jou oog hierop en doen jou bes. Solank jy hulle dit net nie probeer nadoen nie. Overgesetsynde, leer daaruit en gaan doen iets anders. Trap lánsgs die paadjies.

Iemand het gesê dat mens in die kookkuns, soos in die lewe, net moed en verbeelding nodig het. Miskien geld dit dan ook vir poësie. Sodra jy weet hoe om 'n eier te kook en 'n varkboud sappig gaar te kry, gooi weg daai kookboek. Steun slegs op jou eie kreatiwiteit en skep voort. Lepelsvol.

Woordgebore

Om voortdurend gebalanseer te staan op die rand tussen kuns en wetenskap verg konstante psigiese aandag. Praat maar van kombinasie en integrasie en kreatiewe spanning. So maklik is dit nie.

Net soos ek dikwels spot dat my beroep as veearts “geneties onvermydelik” was – my oupa, pa, pa se neef en oom is of was immers almal veeartse – so is my doenigheid met die kunste seker tot net so ’n mate “oorgeërf”. Einste pa en oupa is/was nie te sleg met woorde nie en my oupa kon op tagtig nog wonderlike kleibeelede maak. Met houtsneewerk en borduurwerk was my een ouma heel vaardig. Van my ma praat ek nie eers nie. Oortreffende trap.

Waar genetika en liefde egter saamsweer, broei baie dinge uit. In ’n huis vol boeke en prente, met ’n ma wat al op sewe of agt, saam met Newton se wette, ook Shakespeare moes aanhoor en soortgelyke aspirasies vir haar eie dogter gehad het, hoe anders as dat ek in poësie gebore en getoë sou word?

Toe my broer, ’n jaar ouer as ek, skool toe is en die skool my op vyf jaar oud nie saam met hom wou toelaat nie, het my ma my tuis leer lees. ABC met ’n verfkwas agterop skilderye, terwyl sy in haar ateljee besig was. Van toe af kon jy my nie van woorde weg hou nie.

Ek vermoed die Kleuterverseboek het gou gevolg, al onthou ek dit glad nie. Wel Opperman se Groot Verseboek, met “Klaas Geswind” en “Nuttige resepte” (wat ek probeer nadoen het) en “Ek hou van blou”. Vroeg die volgende jaar, toe ek wel in die skool uitkom, het ek dus verklaar dat ek ’n “digteres” gaan word.

My eerste eie pogings tot poësie het ek daardie jaar, 1979, saamgevat in ’n “bundel” wat ek bloot genoem het: Gedigteboek deur Ilse. Dit was skynbaar ’n Kersgeskenk aan my Oupa de Boom, want agterop staan daar: “My lieve vadie ek het hierdie boek spiesiehaal vir my lieve vadie gemaak”. Ensovoorts. Ek het dit nog steeds. Dit is foliogrootte, met garing vasgework in die middel, met ’n totaal van nege gediggies en meegaande illustrasies in helder poeiervarf. Nóg gedigte nóg tekeninge getuig van enige toekomstige talent. Daar is darem een wat skaflik is en wat ek as wegspringpunt gebruik het in die gedig “Variasie op ’n tema” in *Waterverlk*:

Eendjie eendjie plattepoet

sy loop daar in die watersloot.

Sy sien 'n vis

en kyk gou of dit ene is.

Vir daardie selfde Kersfees het ek van my ma, ewige optimis, 'n versamelbundel van Elisabeth Eybers gekry. En "Maria" en "Die eerste nag" leer ken. Sy bly my eerste liefde.

'n Bekering tot poësie was dit dus nie. Eerder 'n gebore-word tot woorde. Die vraag waarom ek my bemoei met poësie is dan net so onbeantwoordbaar soos waarom ek bry of blou oë het. Dit is maar soos dit is. Ek is erflik belas.

Daar was 'n storie, toe ek heuphoog was, van Frederik Muis. Ek onthou selfs nog die prentjies. Dit was soortgelyk aan die fabel van die sprinkaan en die miere, maar met 'n ander les. Terwyl die miere heel somer kos versamel het (“gaan na die mier, luitaard”), het die sprinkaan net gesing en is in die winter droëbek weggevoer van die miere se oorvol spens.

Met Frederik Muis was dit anders.

Terwyl die ander muise die hele lente en somer en herfs kos versamel het, het Frederik Muis in die son gesit. Op 'n klip, as ek reg onthou. Hy het na die velde gekyk en na die voëls geluister en die blomme geruik en die aanmanings van die ander flukse muise met 'n glimlag geïgnoreer. En toe die winter kom en almal bedruisd en bedruk in hul grotjie sit en wag dat die tyd verby gaan, toe het Frederik Muis sy versamelde skatte uitgehaal – stories, wat die koue verdryf het en die tyd laat vlieg het.

Werk en werskaf is goed, maar soms is dit nodig om te muis. Om figuurlik gesproke in die son te sit en stories te versamel, indrukke wat deur osmose jou siel insyfer vir latere gebruik. Nie vir 'n uur of twee nie, vir lank. Dae, weke. En dis nie noodwendig maklik nie. Meeste van ons het die kuns verloor van stilsit en stilbly en kyk hoe die sonlig op die aarde val. Sodra daar 'n paar druppels ink in die leë pot versamel het, wil jy jou pen gryp en begin skryf. Jy wil uitjaag na die naaste winkel en die ink gaan kóóp. Ongeduldig. Daardie soort ink kry jy nie in winkels nie. Dis die druppels gesuiwerde sonlig wat een vir een uit 'n druif drup tot wyn. Dis ambrosia, maar dis ook ou, ou koolstof uit miljoene jare terug se woude. Se sonlig.

Gaan na die mier, ja, kyk na sy weë. Hou hom dop vir ure en ure met net die son in jou kop. En word hierdie jaar só wys.

Vriende en katte

Ek het 'n vriendin. Nie ver by die blou see nie, sommer net hier anderkant in Pretoria. En elke keer as ek aan Phyllis dink, dan dink ek aan 'n gedig. Maar dis weer Operasie Gedigsoek hier, omdat ek nóg naam nóg skrywer daarvan kan onthou.

In die digbundels op my rak, dié wat ek bereid is om vlugtig deur te blaai, kry ek niks. Dan maar gaan kyk wat Google weet van Phyllis en kat, en hoera! Daar is dit sowaar:

Met Phyllis ingekooi

Phyllis op die vensterbank

tel sneeuvlokkies, daglank, aandlank,

“Triljoen-en-twee-“ Ek sê: veel dank.

Kom Phyllis, maak my voete warm.

Phyllis lek haar hare glad

soos George Raft s'n, blink en nat

want Phyllis is my outydse kat.

Kom Phyllis, maak my voete warm.

Ek tel haar op – sy kyk ontstel
want wie gaan nou die sneeuval tel?
en sit haar op my kooi op bevel
van Phyllis-maak-my-voete-warm.

Dan in my lang wol-onderklere
(sy draai haar kop weg vir die gebeure)
krimpvarkie-kruip ek in die vere.
Kom Phyllis, maak my voete warm.

Lank opgewen slaan sy haar enjin
nou aan met por, voetvrotel, spin,
straal katte-Watte die komberse in.
So maak Phyllis my voete warm.

Dis 'n gedig van Barend J. Toerien en ek dink dis heerlik! Van sneeuvlokkies weet ek nie veel nie, maar van katte wel en hierdie is in die kol. Hulle sê mos 'n kat is nie so skoon nie, dit is net vol katspoeg.

Juis is my liefste kat vanoggend soek, seker aan 't jag in die grasvelde om my huis. Wie gaan nou my skoot warm sit en kla as ek opstaan om tee te maak? Wie gaan nou my woorde tel?

Ingeprent op woorde

Vir 'n oomblik kon ek nie onthou wie was die man met die ganse nie. Die man wat wou wys en bewys hoe inprenting werk by diere, in besonder pasgebore of pasuitgebroeide diere. Na ek deur 'n paar name in my geheue geblaaï het (Linnaeus, Pavlov, Robert Ardrey), gaan blaaï ek toe maar deur 'n paar boeke in my kas. Konrad Lorenz, dis die man. Hy het ganskuikens met die uitbroeïslag op homself laat inprent, sodat hulle hom as hulle gans-ma (en ganse ma?) beskou het en oral gevolg het.

Ek dink dié inprent-ding is min of meer die metafoor waarna ek soek om iets vreemds te verduidelik. Want – om die storie van “woordgebore” bietjie verder te vat – ek reken my bewussyn (of onderbewussyn) is ingeprent op woorde.

Eendag lees ek in 'n artikel oor geheuetruuks dat mens prentjies moet gebruik om feite te onthou. Want, sê die skrywer, dis 'n wetenskaplik bewese feit dat mens in beelde dink. Wanneer jy byvoorbeeld aan iemand dink wat jy ken, sien jy daardie persoon in jou gedagtes. 'n Bewese feit? Nie aan dié kant van my oë nie. Ek dink in woorde. Ingeprent daarop, reken ek.

Wanneer ek aan iemand dink, sien ek sy of haar naam, letterlik uitgespel in my kop. Selfs as ek aan my ouers dink, sal ek die woorde “Mamma” of “Pappa” in my gedagtes sien, eerder as hul gesigte. Ek sal sien “Pretoria” of “Kaapstad” eerder as 'n beeld van die Uniegeboue of Tafelberg. Ek sal, bewus van my oortreding, die Engelse woorde sien wat ek soms in gesprekke gebruik – obviously, anyway. Ek het probeer dink of ek nie in elk geval hele sinne so in my gedagtes sien afspeel nie, asof dit op 'n skerm uitgetik word. Maar dit is 'n bietjie soos om jouself te kielie, jy kan nie werklik tot 'n gevolgtrekking kom nie.

Ironies genoeg, is dit nie maklik om iets nuuts te laat gebeur in so 'n woordkop wat heeldag in woorde week nie. Jy het iets nodig om alles deurmekaar te krap, soos 'n Scrabble-bord waaroor die kat gehardloop het. Dit is vir sulke oomblikke wat ek wag, hier tussen die lettervenstertjies van my skriptorium. Kom, Kietsie-kietsie...

Goudvisgedigte of goue visgedigte

Van visse weet ek nie meer as die gemiddelde mens nie. Ek bedoel nou die prettige soort (vis) wat in akwariums en vistenks en tuindammetjies rondswem. Ek sal nou byvoorbeeld nie kan sê waaraan 'n vis siek is of dit 'n inspuitinkie kan gee nie. Toe ek dus 'n jaar of twee gelede 'n visdammetjie in my voortuin grawe, was dit met groot huiwering oor die welstand van die toekomstige dambewoners. Ek het nie toe kon dink dat daar iets is soos 'n troetelvis nie. Dat mens nogal geheg kan raak aan so 'n koudbloedige gliplyfie nie. 'n Papegaai streel ek nie sommer nie – die goed het snawels en kloue – maar 'n goudvis wat so onder 'n mens se vingers kom aai... Ai!

Dus het ek ook 'n sagte plekkie ontwikkel vir dié gedig van Jan van Nijlen:

De goudvisch

'k Was al die dagen al te zeer verlaten,

Niets leek mij aardig noch de moeite waard,

En 'k heb een visch gekocht om mee te praten,

Een goudvisch met een wuivend-blonden staart.

Dit word wellicht een lieve vreugd voor later,

Dit wentlend leven in het helder water.

De koopman zei: zijn afkomst is japansch

En ik geloof dat hij me niet bedroog.

Hij zwemt (de visch) nu lustig rond en 'k ga thans

Dit dier verleiden met een monoloog.

Hij heeft de kleur der aardbei die gaat rijpen,

't Is heel erg mooi, – maar zal hij mij begrijpen?

Op 't eerste zicht voortreff'lijk polyglot,

Lijk hij niet ongevoelig voor tiraden,

Zelfs in een taal die met de regels spot,

En ook voor Fransche verzen met hiaten.

Wat is zijn meening? Heeft hij soms bezwaar?

Hij antwoordt enkel met een staartgebaar,

Zijn staat als visch is duidelijk, mij staat

Is het lang niet. Ik ben een eenzaam dichter,

Een treur'ge twijflaar die te wachten staat

Dat 't leven eens hem teeder wordt en lichter.

't Probleem van mensch tot mensch geeft last en hinder,

Maar van poëet tot goudvisch is 't niet minder.

Hij lijkt wel levend vuur wanneer in 't water

De lage gloed valt van het avondlicht.

En naast hem droomt, afwezig, de oude kater;

Het is een leerrijk en een mooi gezicht.

'k Begrijp dat het de schilders inspireert,

En hun de schoonheid van de kleuren leert.

Waar is de Staat of zelfs de Dictatuur

Die den poëet op straf van dood verplicht

Een visch te houden die in 't avonduur

Zijn kamer en zijn eenzaamheid verlicht?

Hij zou misschien minder gedichten schrijven,

Maar dichter bij het lieve leven blijven.

Versigtig met die liefde

Oor die liefde moet mens versigtig skryf, al skryf jy so tweedehands oor ander se skrywes. Om te kies is nie eenvoudig nie. Dis nie 'n ding van dié een kry tagtig persent en daardie een negentig nie. As die een liefdesgedig vandag jou hartsnare geroer het, gaan die volgende een môre jou tone laat tingel. Tog moet Boerneef sekerlik hoog op die lysie staan:

mits dese wil ek vir jou sê

hoe diep my liefde vir jou lê

Daardie berggansveer gaan nog lank lê en tril daar by Woeperdal.

Die liefde kortgevat is Rumi se dertiende-eeuse kwatryne. Uit die Persies vertaal deur John Moyne en Coleman Barks klink dit so, onder andere:

Come to the orchard in Spring.

There is light and wine, and sweethearts in the pomegranate flowers.

If you do not come, these do not matter.

If you do come, these do not matter.

en:

I would love to kiss you.

The price of kissing is your life.

Now my love is running towards my life shouting,

What a bargain, let's buy it.

Die Amerikaanse digter e.e. cummings skryf 'n lang gedig, "somewhere i have never travelled" waarvan die laaste reël vir my maar op sy eie kan staan:

nobody, not even the rain, has such small hands

en uit my kinderdae onthou ek dié een van W.E. Henley:

The nightingale has a lyre of gold,

The lark's is a clarion call,

And the blackbird plays but a boxwood flute

But I love him best of all.

For his song is all of the joy of life,

And we in the mad spring weather,

We too have listened till he sang

Our hearts and lips together.

As ek verder uit Afrikaans moet kies, dan Elisabeth Eybers. Vele, vele, maar dié een bly 'n gunsteling, omdat dit die woordloosheid, die stomgeslaanwees van liefde, maar ook die somtyds onlewensvatbaarheid daarvan so reg sê.

Die antwoord

Of ek jou liefhet?... Hoe vra jy, wanneer

my oë van die antwoord vol is, weer

dieselfde vraag so twyfelloos en teer?

Toe Christus met die derde haangekraai

sy blik vol stil verwyf na Petrus draai,
wie kon die later vraag en antwoord raai?

Drie maal het hy gevra... Daar was alleen
die één gebroke antwoord oor vir een
wat in die nag oor eie verraad moes ween.

Wanneer ek elke roekelose eed
van eew'ge trou en liefde reeds vergeet
het, sal ek nog soos Petrus sê: Jy wéét...

Op dieselfde trant 'n gedig van A. Roland Holst, waarvan ek ook die eerste reël ver, ver terug
onthou:

Zwerversliefde

Laten wij zacht zijn voor elkander, kind –
want, o de maatloze verlatenheden,
die over onze moegezworven leden
onder de sterren waaie' in de oude wind.

O, laten wij maar zacht zijn, en maar niet
het trotsche hooge woord van liefde spreken,
want hoeveel harten moesten daarom breken
onder den wind in hulpeloos verdriet.

Wij zijn maar als de blaren in den wind
ritselend langs de zoom van oude wouden,
en alles is onzeker, en hoe zouden
wij weten wat alleen de wind weet, kind –

En laten wij omdat wij eenzaam zijn
nu onze hoofden bij elkander neigen,
en wijl wij same' in 't oude waaien zwijgen
binnen een laatste droom gemeenzaam zijn.

Veel liefde ging verloren in den wind,
en wat de wind wil zullen wij nooit weten;
en daarom – voor we elkander weer vergeten –
laten wij zacht zijn voor elkander, kind.

Laat ons die “trotse hoë woord van liefde” dus maar met versigtigheid sê.

Engels, Engels, alles Engels

Vir die eerste maal sedert ons die Poetry Crawl begin het, voel ek toe die naweek so verlate soos 'n uil in die woestyn. Water, water everywhere and ne'er a drop to drink. Want deur die jare het ons lede een-een weggeval – opgegee of afgesterf of weggetrek – en meteens is ek die enigste van die “stigterslede” wat oorgebly het. Erger nog, ek is die enigste Afrikaanssprekende.

Ek sit daar met my *Mooiste Afrikaanse liefdesgedigte* (want al het ons reeds liefde as tema gehad, is daar genoeg gedigte vir 'n herbesoek) en Boerneef en Eybers en Breytenbach sidder daarbinne van wanhoop. Want vanaand is alles Engels, selfs Antjie Krog. Nie dat die meeste van die lesers en luisteraars nie tot 'n mate Afrikaans magtig is nie, maar as mens 'n gedig moet parafraseer in 'n ander taal, gaan iets verlore.

Ja, ja, ek weet ek het al voorheen gesê jy kan maar vir my gedigte lees in Kreools en Arabies en Swahili en ek sal dit nog mooi vind. Dit geld steeds. Immers het een van ons vorige lede dikwels vir ons gedigte in die oorspronklike Russies gelees. Maar as mens aan die ander kant van die draad staan... Dan lees mens maar eerder sonder verduideliking en miskien 'n lang ritmiese gedig wat jy net om sy klank kies.

Ek is nie 'n fanatiese kampvegter vir Afrikaans nie. Ek sal dit in en om my koester en dit praat waar ek kan, maar ek gaan nie petisies teken of toyi-toyi daaroor nie. As dit moet uitsterf op Cullinan se Poetry Crawls, dan is dit maar so. Maar miskien, na nege jaar waarin ek nie een Crawl gemis het nie, moet ek maar my taal vat en loop. Elke ding het sy bepaalde tyd. 'n Tyd om te kom en 'n tyd om te gaan.

Weer die gesing

Een van die vreugdes van Unisa is die biblioteek. En as jy nie bepaalde voorgeskrewe boeke moet uitneem nie, is dit pure Lucky Packet om 'n boek van die rakke af te pik.

So beland 'n digbundel van 'n vir my totaal onbekende Britse digter op my hopie – James Reeves se *Subsong*, uitgegee in 1969 en die laaste maal in 1977 uitgeleen. Voor in die bundel verduidelik hy die titel met verwysing na ene D.W. Snow se boek *A Study of Blackbirds*. “Subsong”, so blyk dit, is 'n tipe sagte voëlsang wat net van 'n paar meter af hoorbaar is, uit 'n geslote bek en met skaars bewegende keel. 'n Soort van binnensmondse geneurie deur die gevleuelde. Dit dien glad nie as kommunikasie-middel met ander voëls nie, maar is “for the sole benefit of the performer”. Dis 'n interessante konsep en ek vind die gedigte nogal mooi.

Of poësie ooit subsang is? Net vir die voordeel van die skrywer? Daaraan twyfel ek sterk, die ego is sekerlik te groot. En dankie tog, want wat sou al die wonderlike poësie ons baat as dit net in die binnekamer gepleeg en verpleeg word.

Aan die ander kant is dit miskien juis die kenmerk van poësie – iets wat jy net gaan hoor as jy naby staan en fyn luister. Ja, daarvan hou ek. Om tussen die lyne te luister, deur die geslote snawel.

Om terug te kom by James Reeves en sy gedigte. Hier is 'n kort vers:

Poet of Birds

JCR

Lost bird, dead bird, dove, peacock, nightingale –

They fly and cry their way through all your page.

If they are symbols of a need for freedom,

How were you prisoner then, and what the cage?

Is dit toeval dat ek met die uitneem van dié bundel toe pas 'n ander een terugbesorg het – *Aves* van ons eie Poet of Birds?

Wat kan ek sê? Dis weer herfs. Daardie tyd van elke jaar wanneer ek wens dat ek gedigte kon skryf soos etse, sodat iemand sal verstaan van die grasse. Dat ek foto's kon neem in wit en swart maar ook in al die goue-brons-geel-okker kleure van die reënboog. Wat kan ek skryf wat so liniêr is?

///
gras gras gras grasse gras ///
en ander kant toe deur die wind \\\

Tevergeefs. 'n Haikoe sou dalk werk, of 'n refrein, 'n vioolgestreep oor en oor, op en af. Iemand se blonde hare. Dis onmoontlik om te beskryf en dalk onnodig. Rumi sê:

The moon has no desire to be described.

No one needs this poetry.

The loose hair-strands of a beautiful woman

don't have to be combed.

A, dan los ons maar

die herfs se blonde hare

los en ongekam.

Vrede op twee wiele

My puriteinse siel is in beginsel gekant teen iets wat baie geraas maak, baie geld kos, gevaarlik is en ook dikwels onprakties. Sien my dus nie as 'n groot aanhanger van motorfietse nie. Tog word ek geleidelik gewen vir 'n rit af en toe, solank dit iewers heen is en nie net om draaie te gooi nie. Toe die wolke Saterdagoggend dus 'n bietjie ooptrek, toe vat ons die tweewielpad Vrystaat toe. Dis die middel van Paasnaweek en die paaie is stil. Ek kan maar terugsit en vir die wolke kyk. Parys hier kom ons.

Daar's 'n liedjie, weet nie wie dit sing nie, *The ballad of Lucy Jordan*:

... At the age of thirty seven

she realised she'd never ride

in a sports car through Paris

with the warm wind in her hair ...

Wel, daar ry ek toe, op die ouderdom van sewe en dertig, deur die strate van Parys.

Ons eintlike bestemming was Vredefort – die meteoriet, die koepel, die klippe. Wat kan ek sê? Ons was in Vredefort. Ons het gedink ons sien die middelpunt van die koepel en die berge daaromheen. Want Vredefort het skynbaar vrede met toeriste. Daar was 'n klein bruin bordjie met 'n i vir informasie...

Om terug te kom na die motorfietse. Dis nou nie iets wat my digterlike wiele laat draai nie, maar twee Afrikaanse digters kry dit goed reg. Hier is Sheila Cussons (uit *Die swart kombuis* (1978)):

Die motorfiets

Verlepte geel laphoede van pampoene
 loer nuuskierig paprand
 tussen bebaarde dissels deur
 waar honde-pie en kakiebos meteens
 orenter staan van voorgevoel:
 'n afbeensprinkaan hink die dorpspad
 agterna, wat rinhalsnekgerek
 doer in die verte iets bespeur –
 en als is stilte, hitte, langoor-husse bang gespits...
 en dan, o heerlikheid, dan spat
 die lug in bloubordskerwe uitmekaar
 en honde-pie, pampoene, dissels gryp
 vervaard laphoede, pluime en bosgasies vas
 want links, regs, knal – o oordeelsdag –
 'n flou-van-word verruklikheid –
 dan poep-poep-poep die Ding
 al dowwer weg en daal die rus
 maar weer half valerig neer soos as.

En meer onlangs, Gilbert Gibson (uit *oogensiklopedie* (2009)):

hoe 'n motorfiets snags verby

ek luister in die donker hoe 'n

motorfiets op die N1 verby, die nag
om die geluid gehul soos olie om 'n rat.
en 'n pols oor die versneller gebuig, die hand
gesper, die wiele deur hul eie skaduwee gejaag, 'n
veraf lyn uit die horison teen aankomende verkeer geëts,
die roete van hier tot in die uiterste ewigheid en die wind kom
om die lyf soos 'n regverdige regter, in die koue van die ooppad
gek nus. die motorfiets raak dan stil. en jaag verder uit die voortsloop
weg, die stippelstreep in die middel van die pad gedwaal tot niks. die rooi
van die remlig swem in donker lugspieëlings, in vals fokus van die onsiende
oog. ek luister in die donker. ek luister die donker. ek luister weer deur donker.

Singende skilderye

Beeldgedigte lê my na aan die hart. Ek pleeg dit en ontleeg dit, skoppelmaai deur die middelpunt van intertekstualiteit. Synde in beeltenisse gewee soos in moedersmelk en steeds druppende daarvan, is dit dikwels my moedertjie se skilderye wat as inspirasie dien. “Dromer II”, “mooi blou blom”, “kamers van die wind” en ander. Maar genoeg oor my.

Om beeldgedigte te lees, is ’n bietjie soos voëlkyk op ’n vreemde plek. Jy ken die vorm van die snawel, jy onthou daardie blerts blou op die vlerk, die kolletjies op die bors is vir jou ’n bekende patroon. Maar a, om dit nou hier teë te kom! Wat ’n heerlike herontmoeting – dieselfde voël, ’n ander boom. Of is dit ’n voël wat jy ken van sien, wat jy nou vir die eerste maal hoor? Dat vlerke so kan sing!

Die uitdaging van ’n beeldgedig is dalk dít – om ’n prentjie bek te gee. Nie met die analitiese presisie van ’n wetenskaplike nie, maar die intuïtiewe aanvoeling van ’n blinde sanger, jou vingers ingevou in die donsvere om die keel, waar jy die trilling teen jou vel kan voel. Ag, miskien is ek maar net ’n hopelose romantikus. Ek weet beeldgedigte strek veel wyer, maar dis akademie en literatuurteorie.

Ter afsluiting ’n staaltjie wat nie oor ’n gedig gaan nie, maar darem oor ’n skildery en vir my so ietsie sê van ’n kunstenaar se “verwoording” van indrukke. My ma het ’n skildery gemaak getiteld “Voëlsang”, ’n taamlik eenvoudige skildery van helder vorms en patrone wat op, op, op uit ’n paar voëlkeeltjies korrel. Op ’n dag kom daar ’n vrou in die galery in, steek lank vas voor die skildery en draai dan weg met ’n opgewonde glimlag en trane in haar oë. Sy is doof, beduie die vrou, en uiteindelik, *uiteindelik* weet sy hoe dit klink as voëls sing.

Na die naweek kom ek met 'n gekrokte rug terug. Omdat ek vir die eerste maal in twee, drie jaar weer agter 'n tennisbal aangehardloop het en my mishandelde liggaam (kruiwastoot, huisbou, kalwers uittrek) net besluit het dis tyd om halt te roep. Elke sport het sy beserings.

In die fisiese sfeer is dit voorspelbaar maar tog ironies dat juis daardie “onderdeel” wat jy die nodigste het om te slaag, dié deel is wat eerste beseer word. Is jy 'n sokkerspeler, dan gee jou knieë in. Is jy 'n spiesgooier, dan kry jou skouer 'n knak. Is jy 'n perderuiter, dan skud jy 'n werwel skeef. Ook musici gaan blykbaar gebuk onder beserings – artritis, tendonitis, laringitis en wat ook al hul musikale virtuositeit kan dwarsboom. Doofheid. Stok in die wiel, waar dit die seerste maak.

Nou sit ek en wonder of dieselfde geld op geestelike terrein, daar waar digters dwaal. Watter geestelike ledemate span kunstenaars in om hul kuns te pleeg en wat is die beroepsverwante beserings?

'n Digter het verskeie skuiwe en passies tot sy of haar beskikking en dienooreenkomstige “spiere” wat dit stuur – intellek, talent, emosie, intuïsie, mistiek, taalvaardigheid en wat nog. Nie almal vergewe veel inspanning nie en nie alle kunsplegers is ewe geneig tot knakke nie.

Ek is geen sielkundige nie, maar ek vermoed die grootste risiko vir psigiese beserings bestaan daar waar mens in grotte kruip en op rotslyste loop agter idees aan. Daar waar lawa prut en tektoniese plate onder mekaar inwig, daar wag waansin. Wanneer jy 'n gedagte soos 'n ouroboros aan die stert beet het, moet jy weet wanneer om te los. Jy sleep dit dalk uit, vermorsel die ding se kop en sit met 'n onskatbare vonds. Of dit sleep jou in na oerwoude waar jy nie wil wees nie.

Of 'n verrekte “breinspier” (klink nogal soos die Duitse *verrückt*) jou kuns gaan knel, is 'n ander vraag. Dit lê dalk juis nuwe moontlikhede bloot.

Lei waansin tot kreatiwiteit en kreatiwiteit tot waansin? Nee. Jy hoef nie 'n Van Gogh te wees om kunstenaar te wees nie en jy sal nie noodwendig jou sinne verloor as jy die muse begin hoor

nie. Tog is daar iets in die op-die-randjie-loop van sekere kunswerke wat my omdop. Ek hóú van beheerde malligheid. Einstein wat sy tong uitsteek vir die wêreld – *Imagination is more important than knowledge*.

Dis asof die danser met die skewe rug, die dowe musikant, die horrelpoot atleet iets het wat die volmaaktes kortkom. Asof hulle kontak gemaak het met 'n wyer wêreld waarvan ander nie bewus is nie, avonturiers terug uit die vreemde, hul gesigte blink met aanskoue van die numineuse.

Moet die beseerde nie beny nie, maar misgun hom ook nie sy geskondenheid nie. Die Jakob met die skewe heup is die geseënde een.

Die koperkapel

Die koperkapel kom uit sy gat

En sluip die rantjie rond:

“Dit het gereën; die veld is nat

En nat is die rooi-geel grond.”

Die meerkat kom, en sy ogies blink,

En hy staan orent en wag.

En die stokou ystervark sê: “Ek dink

Die reën kom weer vannag.”

Maar die geitjie piep: “Dis glad nie reën!

Dis klewerig, swart en rooi:

Kom jy sulke reën in jou lewe teen –

So glad, so styf, so mooi?”

En die wyse steenuil waag sy woord:

“Dis bloed, dis mensebloed!

Dis lewensbloed wat hierdie oord

Se bossie-wortels voed.”

Na hierdie gedig van C. Louis Leipoldt moet mens eintlik maar net stil bly, maar hier volg nietemin 'n reaksie:

koperkapel

'n jeugherinnering

die bloureën in jou mond was bloed

van byt aan die blom van addergif

wat oopvou aan my voet

die sleepspoor van jou hart vertel

kaalvoet oor die rantjies rond

van ouroboros en koperkapel

staar ín in die ding wat donker is

die reën kom weer vannag

die veld is nou ook wildernis

nou sluip ek maar die rantjies rond

die reëndier bulkend in my bors

en in my tong die wond

die bossiewortels wat ons voed

het wildernis geword –

dis bloed, dis mensebloed.

THIS BOOK WAS PRODUCED USING
PRESSBOOKS.COM

THIS BOOK WAS PRODUCED USING
PRESSBOOKS.COM

Kladboek: verdigte werklikheid

Op 'n blou Maandag kan mens seker nie hoop om poëties te raak nie. Maar as die blou al 'n dag of drie duur, dan klim jy na 'n nuwe kategorie – dan skryf jy klaagliedere. Die poëtiese impuls kan wel van klein vonkies kom, maar boeta, dit gedy op drama!

Lank terug, in die dae toe ek nog 'n televisie besit het, was daar 'n advertensie waar 'n man 'n blou oggend beleef waar alles verkeerd loop, maar hy nog op sy motor kan vertrou. Alles loop reg, altyd reg. Soos mens op woorde kan vertrou. Want kyk, as die dak lek en die geiser oppak en die houtboorders trek in en die reggemaakte geiser begin lek en niemand kan die afsluitkraan vind nie en dan kom die bure nog brom oor 'n boom wat te na aan die heining staan, dit alles binne drie dae... Dan lag ek in my mou.

As ek my ma nou kon nooi vir tee, hoe sou ons nie gegiggel het nie. Teen die geiser en die goggas en die gietreën lig ek vergeefs my vuus, maar as ek my vingers oopmaak en 'n pen opneem, o oppas, mense! My wraak, my verdoeselde, tong-in-die-kies burewraak, is reeds geneem in *Tafel vir twee* (Protea, 2009).

Moenie met 'n skrywer sukkel nie.

In prosa, so kom ek agter, duik dikwels skaars-verbloemde biografiese detail oor die skrywer op en natuurlik oor die mense wat sy of haar wêreld bewoon. In poësie, het ek gedink, minder opsigtelik. Tog knie mens maar jou eie ervarings in die deeg in en los soms, meer of minder opsetlik, 'n ongemengde klont of twee as getuienis vir 'n skerpsinnige proeër. Een van my geliefde gedigte, wat 'n hele joernaal (en 'n liefde) so ontsettend dig saamvat, is Opperman se “Clat boek” (uit *Blom en Baaierd*):

... 200 beeste

9 perde... 1000 skape

Ons vertrek...

... Monomatapa.

Saans om die vure

bid ons en wik,

maar water en weiding

en weer beskik.

Vannag het 'n leeu

'n wagter gevreet.

Ons jag vanoggend,

die vrouens kook seep.

Verken die koers –

aan die ketting vas

van my sakhorlosie

hang 'n klein kompas.

Kom ons deur die reëns?

Kom ons deur die vlieë?

Waarom die wildernis in?

Alles bedrieë.

Bietjie sout geskraap

van 'n droë kors.

Martha kla deesdae

van pyn in die bors.

Het laer getrek.

Verwag al 'n week

ons word soos Potgieter

doodgesteek.

Seun gebore. Dood.

Vers gekalf.

Martha maak

van bessies salf.

Die touleier sê

die drywer goël.

Soms speel Pieta

saans viool.

Die enigste wat ek

in die lewe had...

Ek lê die pen neer:

God het Martha gevat.

Die nagevolge van swak kuns

Geagte leser, hoewel hierdie skrywe uit emosionele ontsteltenis stam, suiwer persoonlike ervaring, moet ek dit maar 'n mate van legitimiteit gee deur 'n paar wetenskaplike, weerkundige en estetiese vlaggies daaraan te hang. Wetenskaplik: water kan opdraande loop. Weerkundig: in Meimaand in Gauteng kan dit katte en honde reën. Esteties: selfs swak kuns het nagevolge.

Om die kloutjie by die oortjie te bring. Tien jaar gelede is iemand wat homself 'n skrynerwerker noem, aangesê en betaal om 'n dak op te rig. Weens morele, intellektuele en/of finansiële verval het hy homself skuldig gemaak aan swak vakmanskap, andersins bekend as boereverneukery. Swak vakmanskap het nagevolge. In hierdie geval 'n dak wat aanhou lek en lek en lek, teen enige wetenskaplike verduideliking in. Selfs Salomo het geweet hoe ergerlik dit kan wees, soos 'n vrou wat aanhou kyf.

So tussen hemel en aarde, vir die derde naweek in 'n ry, wonder ek toe oor die nagevolge van swak kuns. (Daar is baie tyd vir dink wanneer jy so op jou agterstewe op en af teen 'n dak skuif, 'n blik verf tussen jou knieë vasgeklem). Maak dit saak as mens 'n swak gedig skryf, 'n swak skildery verf, 'n swak musiekuitvoering lewer? Maak dit tien jaar later nog saak? Honderd jaar? Met ander woorde, kan swak kuns iemand skade berokken?

Nou kan jy seker vra, wat is swak kuns? Maar op daardie wankelrige hangbrug gaan ek my nie vandag waag nie. Kom ons aanvaar iets word werklik, deur konsensus, as swak beskou en nie net middelmatig nie. Hoewel middelmatigheid sy eie nagevolge dra, maar dit daar gelaat. Deur die blote psigiese aversie (ga! spoeg dit uit!) wat die werk wek, kan dit momenteel nagevolge hê in 'n oordeelkundige kyker of leser. Net soos goeie gedigte, goeie skilderye, jou met 'n lied in die hart los, 'n gevoel van openbaring en verligting, onafhanklik van die tematiese inhoud, so kan swak gedigte jou ballonnetjie bars. Ag nee, blaai liever om. Moenie eers kyk nie. Dis so esteties afstootlik soos 'n rommelverkoop op 'n vullishoop.

Langdurige nadelige gevolge, honderd jaar heen, kan swak kuns gelukkig net hê indien jy dit toelaat.

Jy hoef nie daarmee saam te leef soos met 'n lekkende dak of 'n kywende vrou nie. Jy maak die boek toe en voila! dis uit jou lewe uit. Gaan lees iets helders om jou mond mee uit te spoel.

Net een waarskuwing nog: hou daardie boek toe en wys dit vir niemand nie, veral nie vir potensiële skrywers nie. Swak gedigte is miskien nie blywend skadelik nie, maar aanteel kan dit aanteel.

Uit die kop, uit die hart

Wanneer die behoefte weer opvlam om die wêreld van my skouers af te skud en ligvoets die woestyn in te vaar, is een van die eerste dinge wat ek altyd wonder: sal ek nie al my boeke mis nie, die bundels wat mekaar so knus geselskap hou op my rakke en waaruit ek kan proe of kan teug soos kruike wat nooit leeg raak nie? Natuurlik sal ek. Des te meer rede om, soos vorige generasies, weer gedigte uit die kop te leer. Uit die hart.

'n Aantal jare gelede het ons die Visrivier-canyon staproete aangepak. En daar is niks, behalwe miskien 'n sluk OBS uit 'n blikbeker, wat so ver die woestyn in jou hart so warm maak soos iemand wat 'n gedig onder die sterre voordra nie. Al kom dit uit jou graad een sillabus. Twinkle twinkle little star...

Verlore gunsteling

Wanneer ek 'n gunsteling Afrikaanse digbundel moet kies, gaan dit vir my meer oor sentimentele waarde as verdienste. Dit is nou die een wat ek sal gryp as die huis afbrand, eerder as die een waarmee ek op 'n eiland wil uitspoel.

Soos ek reeds iewers genoem het, het ek my eerste digbundel gekry as Kersgeskenk aan die einde van graad een. Dit was 'n roomkleurige hardeband bundel en as ek reg onthou was dit net getitel *Gedigte* – 'n versamelbundel van Elisabeth Eybers, met gedigte waarskynlik tot en met *Kruis of Munt* (1973) of *Einder* (1977). Op daardie stadium was ek skaars sewe jaar oud en my ma het voorin iets geskryf soos dat ek dit dalk nog nie sal verstaan nie, maar dat dit van die beste gedigte in Afrikaans is. Natuurlik onthou ek daaruit “Maria”, “Wes-Transvaal”, “Die eerste nag” en veral “Bome”. Iewers in my studentejare het my ma die bundel geleen en toe uitgeleen. Aan wie, kon sy later nie meer onthou nie en so is ek my geliefde bundel kwyt. Ek hoop maar dat dit aan iemand nog vreugde verskaf.

Met my drie-en-twintigste verjaarsdag kry ek weer 'n bundel – *Versamelde Gedigte* van Elisabeth Eybers. Voorin skryf my ma: Aan my liefste Blom. Om op te maak.

'n Ander sentimentele geliefde is D.J. Opperman se *Junior Verseboek*, wat ek aan die einde van graad twee as boekprys kry. Voorin is 'n plakker op Laerskool Melkrivier se briefhoof: Vir beste prestasie in Gr. ii. Om een of ander onverklaarbare rede het ek met 'n dik groen pen daarin gedigte afgemerk en ook die name van die digters onderstreep (en genommer, tot by nr. 60!). Jy kan sê wat jy wil oor vernuwing, party gedigte bly maar mooi, al kom dit uit 'n ver verlede en 'n sentimentele geheue – “Mabalél” van Eugène Marais, Totius se “Repos ailleurs”, “Die strandjutwolf” van Van Wyk Louw, “Klara Majola” en “Sproeireën” van Opperman.

Maar miskien is daar plek vir nuwe gunsteling. Dis lanklaas dat iemand my 'n digbundel present gegee het...

Blog goebaai

Die Eerste Mei is wit en blou
en elke bloeisel sing
en elke burger het sy hond
hier in die park gebring
om onder hierdie Boland-lug
te akkie waar hy wil, maar ék loop in my hart en sing:
my fees is Een April.

(Uit “Mei-fees in Amsterdam”, N.P. Van Wyk Louw).

Die eerste Mei se wit-en-blou is lankal verby, hier en in Amsterdam, en met al die vreemde weersverskynsels is die herfs nie seker of dit nog moet kom of alreeds moet gaan nie. Vir hierdie blogger is dit egter tyd om vir eers goebaai te sê. My blare val af, my wortels smag na 'n lang tyd van hibernasie.

Dus, wederom tot anderdag.